HOOFSTUK I.

OEFENING 1.

DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD.

Nadat die volgende groepe woorde behandel is moet daar nadruk gelê word op die reël wat daarvan afgelei kan word.

Skryf die meervoud van die volgende woorde:

A.	Klip	krokodil	rib
	stof	kam	mik
	see	stoof	saal
	studie	dinastie	monargie
	pa	druif	brug
	swerm	uniform	term
B.	Winkel	baksel	saaier
	besem		
	model	middel	kristen
	kwartaal	kondukteur	inspekteur
	admiraal	intekenaar	komitee
	bydraë	nasie	wandeling
	vergadering	stedeling	
C.	Gelid	kind	goed
	klip	kalf	lam
	maat	lied	gemoed
	kleed	volk	
D.	Gevoel	bad	bed
	genoë	hoed	jong
	lewe	vark	vrou
	wa	wese	rug.

E. Bees drif distrik
sif gas gees
manuskrip nes produk
resep

G. Aanbod bedrog doel genot
leer seën twyfel kritikus
politikus musikus waarheid trotsheid

H. Bas gas las
bus kus saal man

F. Landsman ambagsman Boesman koopman
stuurman staatsman werksman Engelsman
Fransman buurman seeman voorman.

OEFENING 2.

DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORD.

Hier word aangedui op watter twee maniere byvoeglike naamwoorde gebruik kan word:—

A. Die reis is *voorspoedig.*
Die man *is gelukkig.*
Die beweging is *snel.*
} Predikatief.

B. *'n Voorspoedige* reis.
'n Gelukkige man.
'n Snelle beweging.
} Attributief.

Gebruik die volgende byvoeglike naamwoorde eers predikatief en dan attributief:—

Glad heerlik duidelik
skaars groen aangenaam
vreemd oud onbekend

OEFENING 3.

C. Vul die volgende byvoeglike naamwoorde op hulle regte plekke in:—

sagte — suksesvolle — agterstallige — vreemde — vrugbare — wonderlike — bekende — skitterende.

1. 'n .....merk.
2. 'n .....verskynsel
3. 'n .....rekening.
4. 'n .....diamant.
5. 'n .....mark.
6. 'n .....landstreek.
7. 'n .....onderneming.
8. 'n .....reën.

OEFENING 4.

D. Vul in:—a. Geskikte selfstandige naamwoorde:

b. Die regte vorm van die byvoeglike naamwoord.

'n Duur — maar 'n (duur) ondervinding.
'n Swaar — maar 'n (swaar) lyding.
'n Arm — maar 'n (arm) sukkelaar.
'n Skoon — maar 'n (skoon) gesig.
'n Wys — maar 'n (wys) volksman.
'n Groot — maar 'n (groot) onderneming.
'n Wakker — maar 'n (wakker) leier.
'n Skerp — maar 'n (skerp) kritiek.

OEFENING 5.

E. Vul in:—

Voorbeeld:—

Die volk is verlig daarom is dit 'n verligte volk.
Bewerk die volgende sinne ook so:—

Die getuienis is verdig daarom is dit ..... getuienis.
Die afsetgebied is beperk daarom is dit 'n ..... afsetgebied.
Die ware is bestel daarom is dit ..... ware.
Die vraag is beantwoord en is dus 'n ..... vraag.
Die kind is gestraf en is dus 'n ..... kind.
Die sukses van die onderneming is beproef daarom is dit 'n ..... onderneming.
Die misdaad is gepleeg daarom is dit 'n ..... misdaad.
Die land is besaai daarom is dit 'n ..... land.

Die pryse is opgeteken daarom is dit ..... pryse.

Die saak is behandel daarom is dit 'n ..... saak.

OEFENING 6.

DIE VOORNAAMWOORD:

A. Vul in:—

Voorbeeld:

Ek herken die man; maar die man word deur *my* herken.

Enkelvoud

Jy onderneem die werk maar .....
.....

U ondersteun die onderneming maar
.....

Hy verteenwoordig die Firma A. maar
.....

Sy skryf die name van die besoekers op maar .....

Meervoud

Ons sal die nodige ondersteuning verskaf maar .....

Julle sal die suikerfabriek besoek maar
.....

U kan dit sonder moeite doen maar .....
.....

Hulle beweer dat dit so is maar .....
.....

B. Ons sê dit is *my* hoed en ook dit is *myne*.
,, ,, ,, ,, *jou* volk en ook dit is .....
,, ,, ,, ,, *u* werkkring en ook dit is .....
,, ,, ,, ,, *sy* plig en ook dit is .....
,, ,, ,, ,, *haar* invloed en ook dit is .....

C. *Vir bespreking*:

Hierdie een is myne; *hierdie* boek is interessant; *hiervan* weet ek niks; *daardie* een is myne; *daardie* volksman word geprys; *daarvan* hoor ons baie.

Gebruik die volgende woorde in flinke sinne:

so'n, dergelike, sulke, soortgelyke.

D. Die handelsreisiger, *wat hier was*, het groot sake verrig.

Het die handelsreisiger, *wat* hier was, groot sake verrig?

Sal die handelsreisiger, *wat* hier is, groot sake verrig?

Mag die handelsreisiger, *wat* hier is, groot sake verrig!

Gebruik elk van die volgende woorde in sinne soos bo aangegee:—

wie; waarvan; waarheen; waarna.

OEFENING 7.

DIE WERKWOORD.

Teenwoordige tyd:—

Die weerstoestande is gunstig.
Is die weerstoestande gunstig?

Verlede tyd:—

Die weerstoestande was gunstig.
Was die weerstoestande gunstig?

Toekomende tyd:—

Die weerstoestande sal gunstig wees.
Sal die weerstoestande gunstig wees?

Maak sinne met die volgende woorde en skryf hulle neer in elk van die vorms wat bo aangegee is:—

Fabriek	pryse	verbetering	aanbod
koste	handel	verkeer	materiaal
vraag	onkoste.		

OEFENING 8.

C. Gebruik die volgende werkwoorde in sinne in die verlede tyd:—

Erken	herken	begin	glo
besig	ontvang	loseer	agiteer
studeer	eksamineer	doseer	verteer.

D. Gebruik die volgende werkwoorde in sinne om die verlede tyd en betekenis duidelik te laat uitkom:—

Ónderhou	déurreis	voórkom	voórsê
onderhóu	deurréis	voorkóm	voorsê.

E. Hoe word die verlede tyd van die volgende werkwoorde gevorm:—

is — word — wil — mag
sal — kan — moet — het

OEFENING 9

VOORSETSELS.

Vul in:

1. Die man lyˍˍˍˍˍ koors.
2. Die mense sit alˍˍˍˍˍ tafel.
3. My hoed lêˍˍˍˍˍ die tafel.
4. Ek het ditˍˍˍˍˍongeluk geskeur.
5. Ek loopˍˍˍˍˍ voet maar Jan ryˍˍˍˍˍ perd.
6. Ons gaanˍˍˍˍˍ trein Kaap-toe.
7. Ek het medelydeˍˍˍˍˍ die arme sukkelaar.
8. Piet lyk netˍˍˍˍˍ Jan.
9. Ek sal om negeuurˍˍˍˍˍ my kantoor wees.
10. Ek voorsien my kindersˍˍˍˍˍ klere.

OEFENING 10.

1. Jy moet ..... die skelm versigtig wees.
2. Ek hou baie ..... druiwe.
3. Ek reken ..... jou.
4. Ek herken die man ..... sy stap.
5. Die saak is ..... bespreking.
6. Die saak is nou oop ..... bespreking.
7. Die vergadering word verdaag ..... môre.
8. Die voorsitter bring die voorstel ..... stemming.
9. Dit hang alles ..... hom af.
10. Ek doen aansoek ..... 'n betrekking.

OEFENING 11.

1. ..... genoeë sal ek dit doen.
2. ..... afwagting ..... 'n antwoord.
3. ..... afwagting ..... u brief.
4. My broer vra ..... geld.
5. Ek verkies hierdie soort ..... daardie.
6. Ek sal my nie meer ..... julle bekommer nie.
7. Ons sal die saak ..... stand bring.
8. Denk jy ooit ..... my? Wat denk jy ..... my?
9. Ek verskil ..... jou ..... daardie punt.
10. Dit behoort ..... my. Jy behoort ..... die huis te wees.

HOOFSTUK II.

OEFENING 7.

SINSONTLEDING.

Die Enkelvoudige Sin:

Wanneer 'n persoon een enkel gedagte in woorde uitdruk, dan gebruik hy 'n sin—'n enkelvoudige sin.

b.v. Die son skyn.
Die handelaar bestel goedere.

Enkelvoudige sinne kan verdeel word as volg:—

(i) *'n Verklaring,* wat weer bevestigend of ontkennend kan wees.

b.v. Die handelaar het sy sukses aan homself te danke. (Bevestigend).
Die klant was nie tevrede met die gelewerde wolstowwe nie. (Ontkennend).

(ii) *'n Bevel,* wat weer gebiedend of verbiedend kan wees:—

b.v. Jy moet jou werk doen. (Gebiedend).
Moet dit nie doen nie (Verbiedend).

(iii) *'n Vraag,* b.v. Het jy al die brief ontvang?

(iv) *'n Wens,* b.v. Mag hy tog veilig tuiskom.

(v) *'n Uitroep,* b.v. Wat 'n skande het jy gemaak!

Elke sin moet volledig wees; dit moet dus 'n *onderwerp* en 'n *gesegde* hê. Die woord " Hendrik " kan geen sin wees nie, want dit sê ons niks tensy daar 'n werking aan die woord toegeskryf word, b.v. Hendrik slaap.

Hendrik is die *onderwerp* en *slaap* is die *gesegde.*

Die gesegde kan soms alleen staan en tog 'n sin vorm, b.v. Kom! Hier word die onderwerp „ jy " of „ julle " verswyg.

Die sin—„ Die meisie huil " is 'n volledige sin met onderwerp en gesegde.

„ Die klerk is " is onvolledig. Ons voel daar moet nog iets bykom om die sin volledig te maak, b.v. „ Die klerk is siek." Hier word „ siek " die komplement genoem.

Die klerk = Onderwerp.
is siek = Gesegde.

Behalwe 'n onderwerp en gesegde kan 'n sin nog ander dele hê, b.v. Jan verkoop suiker. Hier gaan die handeling of werking oor van die onderwerp (Jan) op „ suiker," wat ons die *lydende voorwerp* noem. As ons sê „ Jan verkoop suiker aan my " dan noem ons „ aan my " die *belanghebbende* of *indirekte voorwerp* omdat „ my " nie direk in die handeling betrokke is nie. Dus—

Jan stuur my 'n brief.
Jan = onderwerp.
stuur = gesegde.
'n brief = lydende voorwerp.
my = belanghebbende voorwerp.

Ons kan 'n enkelvoudige sin nog verder uitbrei, b.v.:
Die pragtige diamant is duur.

Die woorde „ die pragtige " laat ons die woord „ diamant " beter verstaan; hulle word by die onderwerp „ diamant " gevoeg en ons noem hulle *byvoeglike bepalings* by die onderwerp. Staan hulle by die voorwerp dan noem ons hulle *byvoeglike bepalings by die voorwerp.*

Ons kan die onderwerp van 'n sin nog op 'n ander manier uitbrei om dit duideliker te maak.

b.v. Jan, die skoenmaker, is dood.

Hierdie woorde „ die skoenmaker " word die *bystelling* genoem.

Dit is nie net die onderwerp en voorwerp wat ons kan uitbrei nie, maar ons kan ook nog woorde byvoeg om die werkwoord (die gesegde) te bepaal en sulke woorde word genoem *bywoordelike bepalings.*

('n Byvoeglike bepaling maak die selfstandige-naamwoord duidelik; 'n bywoordelike bepaling maak die werkwoord duidelik).

Daar is baie soorte bywoordelike bepalings wat óf een *woord* óf 'n *sinsnede* kan wees.

(a) Bywoordelike bepaling van *tyd*: b.v. Die bewys is *gister* betaal.

(b) Bywoordelike bepaling van *plek*: b.v. Die klerk staan *agter die toonbank*.

(c) Bywoordelike bepaling van *hoedanigheid*: B.v. Die korrespondent skryf *netjies*.

(d) Bywoordelike bepaling van *oorsaak*: b.v. Die handelaar het *deur sy onverskilligheid* bankrot gespeel.

(e) Bywoordelike bepaling van *doel*: b.v. Die student leer *om sy kennis uit te brei*.

(f) Bywoordelike bepaling van *gevolg*: b.v. *Tot sy spyt* het hy sy ontslag gekry.

(g) Bywoordelike bepaling van *wyse*: b.v. Jy moet dit *so* doen.

(h) Bywoordelike bepaling van *rede*: b.v. Die bestuurder hou van sy klerk *om sy eerlikheid*.

(i) Bywoordelike bepaling van *middel*: b.v. Die klerk skryf *met 'n potlood*.

(j) Bywoordelike bepaling van *graad*: b.v. Die man is *baie arm*.

OEFENING 12.

Oefeninge oor die Enkelvoudige Sin:—

Brei die volgende sinne uit deur middel van byvoeglike en bywoordelike bepalings, en ontleed hulle:—

Voorbeeld:—

1. Die handelaar knoop betrekkings aan.
2. Die ervare handelaar knoop goeie betrekkings aan.
3. Die ervare handelaar knoop goeie betrekkings met buitelandse firmas aan.

4. Die ervare handelaar knoop goeie betrekkings met buitelandse firmas aan om daaruit voordeel te trek.
   Handelaar = Onderwerp.
   die ervare = Byvoeglike bepaling by die onderwerp.
   knoop aan = Gesegde.
   betrekkings=Lydende voorwerp.
   goeie=Byvoeglike bepaling by die lydende voorwerp.
   met firmas=Belanghebbende voorwerp.
   buitelandse=Byvoeglike bepaling by die belanghebbende voorwerp.
   om daaruit voordeel te trek=Bywoordelike bepaling van rede.

(a) Die klerk skryf 'n brief.
(b) Die agent verkoop vrugte.
(c) Die bestuurder beantwoord die brief.
(d) Die student leer sy lesse.

OEFENING 13.

Ontleed die volgende Enkelvoudige Sinne:—

(a) Die nougesette winkelier het gister die onbekwame klerk ontslaan weëns sy onverskilligheid.

(b) Die dalende pryse op die wolmark het die makelaar baie finansiële moeilikhede besorg.

(c) Die slegte ekonomiese toestande veroorsaak 'n belemmering in die bemarking van landbouprodukte tot skade van die boerende gemeenskap.

(d) Afgesien van ander oorwinnings sou Indië altyd in 'n besonder gunstige posiesie wees om struikelblokke in ons pad te gooi.

OEFENING 14.

DIE VOEGWOORD.

Vir bespreking:—

1. Die brief *en* die pakkie het gekom.
   Die vrou koop suiker *en* die man kyk na die vensters.
2. Die huis is afgebrand *maar* die meubels is nie beskadig nie.
3. Die uitvinder was siek *dog* hy het sy plig nie versuim nie.
4. Die onderneming is ondersteun deur die aandeelhouers, *derhalwe* was dit suksesvol.
5. Die dagloner moet werk *of* hy sal nie loon trek nie.

Skryf die volgende sinne voluit:—

1. Hy het eers sy huis verkoop daarna .....
2. Die bestuurder is weg maar .....
3. Die handelaar het bankrot gespeel omdat .....
4. Die klerk werk nou hard sodat .....
5. Aangesien ....., kan ek nie kom nie.
6. Hy het die rekening betaal ofskoon .....
7. Ek sal kom mits .....
8. Ek kom nie tensy .....
9. Hy het gekom om .....
10. Nieteenstaande ..... het die bank tog die lening toegeken.

DIE SAMEGESTELDE SIN:—

Waar ons in die Enkelvoudige sin slegs *een* gesegde kan hê, het ons in die Samegestelde sin *meer as een* gesegde.

b.v. (i) Die klant *koop* kruideniersware. (Enkelvoudige sin: *een* gesegde)

(ii) Die bestuurder *dikteer* die briewe en die klerk *skrywe* hulle. (Samegestelde sin: *meer as een* gesegde)

(iii) Die bankklerk, wat die geld *verduister het, is veroordeel* tot tronkstraf. (Samegestelde sin: *meer as een* gesegde)

(iv) As 'n boer *aansluit* by 'n ko-operatiewe vereniging *word* dit *verwag* dat hy die liggaam *sal ondersteun*. (Samegestelde sin: *meer as een* gesegde)

(v) Daar *is* geen land waar nywerhede vandag meer aanmoediging en steun *verdien* as hier nie, want dit *is* in industriele arbeid, waarin die oplossing van werkloosheid wat honderde jaarliks tot verval *bring*, *opgesluit lê*. (Samegestelde sin: *meer as een* gesegde)

Die sinsverband in 'n samegestelde sin kan (1) *newenskikkend* of (2) *onderskikkend* wees.

(1) *Newenskikkende sinsverband*:—

As die sinne gelyke waarde of rang het dan is hulle *newenskikkend* en word deur voegwoorde verbind:—

Die sinsverband kan wees:—

(a) *aaneenskakelend*: b.v. Die bestuurder is siek *en* die klerk is op verlof.

(b) *teenstellend*: b.v. Die sekretaris is besig, *maar* die klerk sal u te woord staan.

(2) *Onderskikkende sinsverband*:—

As die sinne *nie* gelyke waarde of rang het nie, is hulle *onderskikkend*. Daar is altyd 'n *hoofsin* (wat alleen kan staan) en een of meer *bysinne* (wat nie alleen kan staan nie).

Daar is *drie* soorte bysinne:—

(i) *Die Selfstandige Bysin*, wat weer onderverdeel word in:

(a) Onderwerpsin.

(b) Voorwerpsin.

(c) Gesegdesin.

(ii) *Die Byvoeglike Bysin*:

(iii) *Die Bywoorlike Bysin*:

1. *Die Selfstandige Bysin*:

Die onderwerpsin:—

Oef.: Verbind die volgende enkelvoudige sinne tot 'n samegestelde sin, en onderstreep die bysin, b.v.

(a) Dit is onwaar.
(b) Hy het so gesê.
} (dat) Dit is onwaar *dat hy so gesê het.*

1. (a) Dit is seker.
   (b) Hy is ontslaan.
   } (dat)
2. (a) Dit is twyfelagtig.
   (b) Hy sal saamgaan.
   } (of)
3. (a) Dit is waar.
   (b) Die man het die betrekking gekry.
   } (dat)
4. (a) Dit is moontlik.
   (b) Hy het verongeluk.
   } (dat)
5. (a) Dit is 'n feit.
   (b) Hy gaan môre weg.
   } (dat)

Maar ons kan die sinne ook anders neerskryf, b.v. Dit is onwaar *dat hy so gesê het.*

of

Dat hy so gesê het, is onwaar.

OEFENING 16.

Skryf die bostaande sinne nou weer oor volgens die voorbeeld en onderstreep elke keer die bysin.

OEFENING 17.

Die Voorwerpsin:—

Verbind die volgende enkelvoudige sinne tot 'n samegestelde sin en onderstreep die bysin, b.v.

(a) Hy het dit gesê.
(b) Hy kan nie aanwesig wees nie.
} Hy het gesê *dat hy nie aanwesig kon wees nie.*

1. (a) Hy weet dit.
   (b) Ek het gekom.
2. (a) Hy is seker.
   (b) Die ongeluk het gister gebeur.
3. (a) Die man het dit vertel.
   (b) Die goedere is alreeds afgestuur.

4. (a) Die sekretaris rapporteer.
   (b) Die saak is nog onder behandeling.
5. (a) Die handelaar adviseer.
   (b) Hy sluit 'n wissel ter akseptasie in.

Die Gesegde Sin:—

Die gesegde sin doen diens as die naamwoordelike deel van die gesegde en kom altyd voor na werkwoorde soos, *word, is, lyk, skyn, blyk, ens.* b.v.

(a) Jan word wat *sy onderwyser van hom verlang.*
(b) Die persoon is nie *wat hy voorgee om te wees nie.*
(c) Hy *lyk nie wat hy is nie.*
(d) Hy skyn te weet *wat hy wil.*
(e) Dit blyk *of dit so is.*

OEFENING 18.

II. *Die Byvoeglike Bysin*:—

Verbind die onderstaande enkelvoudige sinne tot 'n samegestelde sin en onderstreep die bysin, b.v.

(a) Die perd was myne.
(b) Die perd het verongeluk.
Die perd, *wat verongeluk het,* was myne.

1. (a) Die vlei lyk baie mooi.
   (b) Die vlei is met blomme bedek.
2. (a) Die wissel is geaksepteer.
   (b) Ek het die wissel saamgestuur.
3. (a) Dit is die plek.
   (b) Die ongeluk het daar plaasgevind.
4. (a) Die Landbank help die boere baie.
   (b) Die Landbank verskaf lenings op redelike terme.
5. (a) Die verslag van die Ekonomiese Rykskommissie bevat 'n belangwekkende beskrywing.
   (b) Die Ekonomiese Rykskommissie het ondersoek ingestel in verband met die bemarking van vrugte.

OEFENING 19.

III. *Die Bywoordelike Bysin*:—

Verbind die o.a. sinne tot 'n samegestelde sin en onderstreep die bysin, b.v.:—

(a) Ek kan nie kom nie.

(b) Dit reent.

Ek kan nie kom nie *want dit reent*.

1. (a) Daar het baie moeilikhede met die vrugteuitvoer gepaard gegaan.
   (b) Die skepe was nog nie voorsien van die beste stoorplekke nie.

2. (a) Op ander plekke word weinig verandering getoon.
   (b) Daar is 'n meer optimistiese toon te bespeur.

3. (a) Die vraag is nou baie beter.
   (b) Die pryse is nie juis hoër nie.

4. (a) Die klant sal kom.
   (b) Hy is klaar.

5. (a) Hy betaal daarvoor.
   (b) Die goedere sal dadelik gestuur word.

6. (a) Hy het sy werk baie verwaarloos.
   (b) Hulle het hom ontslaan.

OEFENING 20.

Oefening:

Ontleed die volgende sinne in Hoofsin en Bysin en sê watter soort *bysin* dit is:—

1. Dat die goedere van minderwaardige kwaliteit is, kan nie bestry word nie.
2. Dat die bestelling stiptelik uitgevoer is, het hy ons verseker.

3. Ons het die offerte, wat hy gemaak het, goed oorweeg.
4. Hierdie artiekels is baie sterker as wat daardie is.
5. As die stowwe voor môre kom, sal ek dit nog ontvang.
6. Toe sy hom nou so'n poets gebak het om die musiekinstrument, wat hy nog van sy oorlede broer geërwe het, so sonder rede te verniel, het hy dadelik sy pa gaan raadpleeg.
7. Jan antwoord dat hy hom sal vertel hoe hy seer gekry het, terwyl hy daar onder deur die spruit gery het.
8. Terwyl hy sy toontjies so in- en uitmekaar vleg en luister of hy nie 'n skoot hoor val nie, sit die seuntjie op 'n veldstoeltjie langs die vuur, waar hy 'n ketel water op gesit het.
9. Hy het gemeen om sy lewe aan sy vinnige bene, waarmee hy al menige prys gewen het, oor te laat, maar, net toe hy oor die rug en uit die gesig van sy vervolgers kom, verander hy skielik van plan.
10. Jou oom en tante was die enigste, wat alles van die saak geweet het, en as jou oom dit goed geag het om jou niks daarvan te sê nie, dan sou hy wel gesorg het dat sy vrou, wat gewoonlik nie 'n geheim kon hou nie, ook niks verklik nie.
11. In die volgende geveg was ek meer op stryk en in die slag daarna nog meer, en so het daar in my hoe langer hoe meer moed ontwikkel, totdat ek naderhand 'n soort van minagting vir koeëls en bomme begin kry het en kon mik met daardie bedaarde juistheid, waarmee ek meer as een prys op skietwedstryde verower het.
12. Hoor hoe sing ek my lied as die osse so stap langs die wyd-ope veld, waar die voorslag-punt klap, waar 'n wonder van stilte my alkant omsweef as ek rustloos-alleen langs my grootpad bly streef.

DIE WERKWOORD.

BEDRYWENDE EN LYDENDE VORMS.

1. Die werkgewer ontslaan die bediende. B.
   Die bediende word deur die werkgewer ontslaan. L.
2. Die ondernemer het die vraagstuk opgelos. B.
   Die vraagstuk is deur die ondernemer opgelos. L.
3. Die applikant sal die betrekking aanneem. B.
   Die betrekking sal deur die applikant aangeneem word. L.

OEFENING 21.

Skryf die volgende sinne oor in die lydende vorm:—

1. Die vennoot stel die klerk aan.
   Die vennoot het die klerk aangestel.
   Die vennoot sal die klerk aanstel.
2. Die kliënt ontvang sy maandelikse rekening.
   Die kliënt het sy maandelikse rekening ontvang.
   Het die kliënt sy maandelikse rekening ontvang?
   Die kliënt sal sy maandelikse rekening ontvang.
   Sal die kliënt sy maandelikse rekening ontvang?
3. Die bank diskonteer die wissel.
4. Die agent sal sy lewe verassureer.
5. Die sakeman korrespondeer met sy oorseese klante.
6. Die handelsreisiger het die aanbod aangeneem.
7. Die krediteur sal die heersende toestande in aanmerking neem.
8. Die aandeelhouers sal die nodige gelde stort.
9. Alle prysnoterings is alreeds gemaak.
10. Die boekhouer sal 'n finansiële staat lewer.

OEFENING 22.

Skryf die volgende sinne oor in die bedrywende vorm:—

1. Die systowwe word deur die fabrikante vervaardig.
   Die systowwe is deur die fabrikante vervaardig.
   Was die systowwe deur die fabrikante vervaardig?

Sal die systowwe deur die fabrikante vervaardig word?
Die systowwe sal deur die fabrikante vervaardig word.

2. Die handelsware is deur die verbruiker gekoop.
3. Die bepaalde merk is deur die departement uitverkoop.
4. Die handelskorting sal deur die groothandelaar toegestaan word.
5. Alle laste is deur die firma vereffen geword.
6. Die faktuur word deur die kleinhandelaar ontvang.
7. Die sekretaris word deur sy patroon in kennis gestel van die verandering.
8. Die fabrikant word op hoogte gehou van die vraag deur die handelsagent.
9. Die firma word deur die handelsreisiger verwittig van die daling van die mark.
10. 'n Vreemde merk tee word deur 'n buitelandse agentskap op die mark geplaas.

HOOFSTUK III.

Woordelys.

Annual contribution	Jaarlikse bydrae.
copy	eksemplaar, kopie, afskrif.
commerce	handel.
commercial undertakings	handelsondernemings.
capable	bekwaam, in staat.
directions	aanwysings.
distributor	distribueerder, fabrieksagent, groothandelaarsagent.
duplicate set	twede stel (duplikaat).
in duplicate	in duplikaat (in duplo).
efficient services	doeltreffende dienste.
economic conditions	ekonomiese toestande.
extend credit	krediet uitbrei.
invoices in triplicate	fakture in triplikaat. (in triplo).
label	etiket.
price list	pryslys.
bills against payment	dokumente teen betaling
main outlays	vernaamste uitgawes.
promote	bevorder.
trial, opening, first, start, order	proeforder.
to figure freights	vragkoste uitreken.
rise in price	styging in pryse.
to result in failure	misluk, (op 'n mislukking uitloop).
rapidly expanding market	snel uitbreidende afsetgebied
untiring efforts	onvermoeide pogings.
to run a brand	'n merk verkoop.
competition	kompetiesie, wedywer, mededinging, konkurensie.
in every respect	in elke opsig.
travelling expenses	reiskoste.
connections	betrekkings (relasies).

posts, situations	betrekkings (poste).
to avoid	vermy.
undertaking	onderneming (belofte).
a quoted price	'n gekwoteerde prys.
price quotation	prysopgawe.
quotation	kwotasie.
fluctuation	fluktuasie, skommeling.

OEFENING 23.

DIE HANDELSREISIGER.

Die volgende woorde moet eers verklaar word, en daarna moet die geskikste woord in die volgende oefening ingevul word:—

Bydrae.	bekwaam.
onkoste.	ware.
onderneming.	ekonomiese.
verteenwoordiger.	konkurensie.
werksaam.	merk.
vermy.	pryslyste.
betrekkings of relasies.	tydperk.
etikette.	handhaaf.
krediet.	

1. Die snelle uitbreiding van die handel is grotendeels die gevolg van moderne .....

2. Elke groot handelshuis stel gewoonlik 'n handelsreisiger aan, wat in elke opsig ..... is.

3. Om sy ondernemings 'n sukses te maak moet elke handelsreisiger onvermoeid ..... wees.

4. 'n Bekwame handelsreisiger sal altyd as die ..... van 'n handelshuis kan optree.

5. Die Firma S. en S. gee 'n jaarlikse ..... aan die reisiger om sy ..... te dek.

6. Dit is sy plig om alle aangeknoopte ..... gereeld te .....

7. Die reisiger word vir een ..... op proef aangestel, om, as die ..... op 'n mislukking uitloop, verder verliese te .....

8. Alleen deur doeltreffende dienste te lewer en ..... van 'n bekende ..... te verteenwoordig kan die onderneming 'n volslae sukses wees.

9. Die handelsreisiger is verplig om 'n stel monsters met die nodige ..... en ..... by hom te hê.

10. Die handelsreisiger adviseer sy firma dat dit nie raadsaam is om ..... verder uit te brei nie aangesien die ..... toestande baie onseker is.

OEFENING 24.

Gee die teenoorgestelde van die kursiefgedrukte woorde:—

i. *'n Volslae sukses.*
ii. *Konkurensie.*
iii. *Op proef* aanstel.
iv. *Doeltreffende* dienste.
v. *Krediet.*
vi. *Groothandelaar.*
vii. *Herlewing.*
viii. *'n Uitbreidende* afsetgebied.
ix. *'n Suksesvolle* onderneming.
x. *'n Styging* in pryse.

OEFENING 25.

Gebruik geskikte Byv. Naamwoorde:—

i. 'n ..... mark.
ii. ..... toestande.
iii. ..... ooreenkoms.
iv. 'n ..... handelsonderneming.
v. 'n ..... koerant.
vi. 'n ..... uitbreiding.
vii. ..... pryse.
viii. 'n ..... handelsreisiger.
ix. ..... sukses.
x. ..... advies.

OEFENING 26.

Gebruik in sinne:

1. In ongeleentheid bring.
2. 'n Getjarterde skip.
3. 'n Spoedige aflewering.
4. Ter plaatse.
5. Opsie.
6. Slapte.
7. Van die hand sit.
8. Floute.
9. Ekonomie.
10. Bedrywigheid.

Woordelys:—

Advance in prices	Pryse klim; styging van pryse.
broker	makelaar.
brand	merk.
closely	noukeurig.
firm otter	vaste offerte (aanbod).
expectations	afwagtings, verwagtings.
for future delivery	op termyn of toekomstige aflewering.
in monthly deliveries	in maandelikse aflewerings (partye).
freight charges	vragpryse.
inferior quality	minderwaardige kwaliteit.
superior quality	hoogstaande of superieure kwaliteit.
delayed delivery	vertraagde aflewering.
limit	limiet; grens.
preference	voorkeur.
quoted prices.	gekwoteerde pryse.
the offer is subject to confirmation	die aanbod bly vry.
sample bales	monsterbale.
February shipment	besending in Februarie.

price quotations are as follows:	prysnotering is as volg:
closing prices	sluitingspryse.
nominal prices	nominale pryse.
competition was keen	mededinging was skerp (goed).
increased demand for	toenemende (verbeterde) vraag na.
prices remain firm	pryse bly vas (ferm).
at fixed prices	teen vasgestelde pryse.
further fall	verder daling.
current prices	lopende pryse.
industry	nywerheid; industrie.

OEFENING 27.

Verklaar die volgende woorde en vul hulle daarna in op hulle regte plek in die volgende sinne:—

markrapporte.	weier.
verteenwoordigers.	wolindustrie
hoogstaande.	aflewerings.
nywerhede.	pryse.
makelaars.	sortering
prys.	partye
vertraagde.	vasstel.
bestudeer.	daling.

Vul in:—

WOL.

1. Die ..... is een van die belangrikste ..... van die Hoëveld.

2. Dit is noodsaaklik vir ..... in wol om noukeurig die weerstoestande in wol-produserende lande te ..... Die kennis stel hulle dan in staat om afleweringskondiesies ..... wat nie hulle verwagting oortref nie.

3. Die wol-koöperasies het as doel om wol van ..... kwaliteit te lewer; die natuurlike gevolg van die stap sal wees dat die ..... sal styg.

4. ..... van die groot klerefabrieke in Europa stuur gereeld hulle agente na die Suidafrikaanse hawestede om daar wol in te koop teen maandelikse, of op toekomstige .....

5. Die ..... dui aan dat die ..... vir eersteklas wol van 15d. tot 17d. per pond teen aflewering in Desember is.

6. As die ..... wol nie ooreenkom met die kwaliteit van die monsterbale nie, het die koper die reg om die bestelling te .....

7. As gevolg van die ..... aflewering, veroorsaak deur die stakings, het daar 'n verder ..... in die wolmark plaasgevind.

OEFENING 28.

Vul in 'n geskikte byvoeglike naamwoord:—

1. 'n ..... industrie.
2. 'n ..... daling.
3. 'n ..... mededinging.
4. 'n ..... kwaliteit.
5. 'n ..... aanvraag.
6. 'n ..... aflewering.
7. ..... gehaltes.
8. 'n ..... afsetgebied.
9. ..... onderneming.
10. ..... uitvoer.

HOOFSTUK V.

Woordelys:—

To miss an opportunity	Om 'n geleentheid ('n kans) te mis.
To avail oneself of an ..	
to attract	aantrek, aanlok.
compare very favourably with	baie gunstig vergelyk met.

quality	kwaliteit (hoedanigheid).
competitors, rivals	mededingers, konkurente.
needs, requirements	behoeftes, benodighede, vereistes.
approval	goedkeuring.
to send on approval	op sig stuur.
prospective customer	waarskynlike koper (klant).
to be under an obligation	om onder 'n verpligting te staan.
object, aim, striving	doel, oogmerk, strewe.
irregular customers	ongereelde klandiesie.
future, prospective customer	toekomstige klandiesie.
fixed customers	vaste klandiesie.
cash customers	kontante betalers (klandiesie).
necessary, compulsory	noodsaaklik, verpligtend.
proportion	verhouding.
to adopt a definite line of action	om 'n bepaalde gedragslyn te volg:—om 'n bepaalde handelwyse te volg.
to avoid losses	om verliese te vermy, te voorkom.
sound footing	gesonde voet; deeglike grondslag.
to enter into relations with	om betrekkings aan te knoop met; om relasies aan te knoop met.
to keep in touch with consumption	om voeling te hou (in voeling te bly) met die verbruik.
to lose touch with	om nie in voeling met ..... te bly nie; kontak te verloor met.
to canvass for customers	om klandiesie te werf; om klante te werf.
to build up a connection	om 'n konneksie op te bou.

to continue the existing connections	om die bestaande relasies aan te hou.
to patronise a firm intermittently	om 'n firma af en toe te begunstig (te ondersteun).
an experienced merchant	'n ervare koopman (handelaar).
capital	kapitaal, geld.
working capital	bedryfskapitaal.
trade expenses	handelsuitgawes.
to provide the necessary funds.	om die nodige fondse (kapitaal, geld) te verskaf.

OEFENING 29.

DIE KLANDIESIE.

besigheidsbeleid	toekomstige.	ondersoek
waarde	doel	tydperk
takke	smaak	op sig
kwalitiet	verkrygbaar	waarskynlike
firmas	wens	geleentheid
diskonto	verkoopprys	aanwerf
kopers	verhouding	voeling.
bepaalde	vermy	aflei
ongereelde	rekening	stoffasie
vergelyk	vaste	noodsaaklik
verpligting	kontant	gesonder.
suksesvolle	bedrag	gesonde.

Vul die ontbrekende woorde aan uit bostaande lys.

1. Die bestuurder van die firma F. mis nooit 'n ..... om nuwe klandiesie.... te nie.

2. Die ware wat te koop aangebied word ..... baie gunstig in ..... en ..... met die van ander, en verder val hulle ook baie in die ..... van die publiek.

3. Die firma pas hom ook aan by (of skik hom na) die behoeftes van sy klandiesie, sodat die [illegible] ..... altyd daar ..... is.

4. As iemand dit ..... dan is 'n firma altyd bereid om goedere vir 'n ..... van vier-en-twintig uur ..... te stuur. Die ..... koper staan nie onder die minste ..... as die gestuurde goedere hom nie geval nie.

5. As die ..... hulle ..... betaal dan ontvang hulle gewoonlik 'n ..... van vyf persent op die totale ..... van die rekening.

6. Die ..... van die firma is altyd om al die klante tevrede te stel.

7. Die klandiesie van 'n handelshuis word gewoonlik as volg gegroepeer:—

.....klandiesie, ...klandiesie,
.....klandiesie, ...betalers.

8. Dit is ..... vir ..... konkurensie om die ..... tussen die verskillende kopers vas te stel; die kennis sal die firma dan in staat stel om 'n bepaalde gedragslyn te volg om verliese te ....., of om die besigheid op 'n ..... voet te plaas.

9. Indien die ..... klante ver die minderheid vorm, en die ander drie groepe nie 'n ..... vermeerdering aantoon nie, kan daarvan ..... word dat die firma nie meer in ..... is met die behoeftes van die publiek nie.

10. Om klandiesie aan te ..... is dit noodsaaklik om 'n noukeurige ..... in te stel in al die ..... van die onderneming om sodoende die swak punte uit die weg te ruim, en daarvoor 'n verbeterde en suiwerder ..... in die plaas te stel.

OEFENING 30.

Gebruik die volgende woorde in sinne sodat hulle betekenis duidelik uitkom:—

Bevorder, invorder. Ontslag, beslag, verslag, opslag, afslag, geslag. Ingaan, ontgaan, vergaan. Aanstelling, instelling, herstelling, bestelling, voorstelling, uitstelling. Wantrou, getrou, vertrou, ontrou.

OEFENING 31.

Alle *uitgawes* moet *aangeteken* word.

'n *Rekening* moet *aangesuiwer* word.

Behandel die volgende woorde ook so:—

Brief — tikmasien — handel — handelaar
lande — grondstof — fabriek — uitvoer
besending.

OEFENING 32.

II. *Vul in geskikte byvoeglike naamwoorde:—*

Voorbeeld:—'n *beleefde* en *eerlike* personeel.

'n ..... en ..... werk.
'n ..... en ..... persoon.
'n ..... maar ..... vereistes.
'n ..... en ..... handel.
'n ..... en ..... firma.
'n ..... en ..... beloning.
'n ..... en ..... werksman.

OEFENING 33.

III. *Skryf die teengestelde van die byvoeglike naamwoorde in die volgende uitdrukkings, en onderstreep hulle:—*

'n *Vals* karakter.
'n *Valse* toon.
'n *Blye* tyding.
Moderne modes.
'n *Bloeiende* besigheid.
'n *Vreemde* opskrif.
'n *Gunstige* indruk.
'n *Dalende* mark.
'n *Doeltreffende* middel.
'n *Onwillige* klant.
Blanko.
'n *Belangrike* mededeling.
'n *Beleefde* houding.
'n *Bekende* merk.
'n *Keurige* handskrif.
'n *Vreemde* mark.

OEFENING 34.

Gebruik geskikte selfstandige naamwoorde by hierdie byvoeglike naamwoorde:—

Voorbeeld:—'n *Rotsagtige landstreek.*

'n Roemryke .....
'n Doeltreffende .....
'n Getekende .....
'n Gesonde .....
'n Dienswillige .....
'n Bevredigende .....
'n Duidelike .....
'n Opbetaalde .....
'n Aangesuiwerde .....

OEFENING 35.

Hier volg voorbeelde:—

a. Teenwoordige Deelwoorde, b. Verlede Deelwoorde wat as Byvoeglike Naamwoorde gebruik is:—

a. 'n Hardwerkende student.
'n Lopende rekening.
'n Skommelende mark.
Dalende pryse.
'n Stygende vraag.

b. Beperkte uitgawes.
'n Bedorwe saak.
'n Beroemde sakeman.
'n Gebalanseerde rekening.
'n Geadresseerde brief.

OEFENING 36.

Vorm nou òf teenwoordige òf verlede deelwoorde van elk van die volgende:—

Aantref	— Oortrek	— Onttrek	— Indeel.
Bereik	— Aansuiwer	— Betaal	— Eer
Ag	— Uitbrei	— Vooruitstreef	
Antwoord	— Honoreer	— Aksepteer	— Rangskik
Refereer	— Kopieer	— Uitgaan	— Afhandel
Linieer	— Aflewer	— Faktureer.	

OEFENING 37.

Vorm deelwoorde van die o.s. werkwoorde en gebruik hulle daarna op hulle regte plek in die volgende sinsnedes:—

bestaan	skommel	beken	daal	kanseleer
aansuiwer	dring	vasstel	invoer	loop

1. ..... goedere.
2. ..... behoeftes.
3. 'n ..... tydperk.
4. 'n ..... order.
5. 'n ..... rekening.
6. ..... pryse.
7. ..... mark.
8. ..... merk.
9. ..... artiekel.
10. ..... vraag.

HOOFSTUK IV.

OEFENING 38.

Vorm persoons- en saakname van die volgende werkwoorde:—

Voorbeeld:— verkoop verkoper verkoping

Telegrafeer	strewe	kwiteer
dikteer	betaal	korrespondeer
spreek	druk	endosseer
dra	assureer	teken
gee	registreer	parafeer.

OEFENING 39.

Skryf die volgende sinne in die verlede tyd:—

i. Sake is tydelik stil.
ii. Dit word verwag dat die toestande nie nou sal verander nie.
iii. Daar sal verder groot dalings in die prys van goud plaasvind.
iv. Die Unie maak nou 'n tydperk van ekonomiese moeilikheid deur.
v. Daar sal vermoedelik ook enige vermeerdering wees in die uitvoer van plaas produkte.
vi. Orals sien 'n mens werksmense besig om die geboue van binne en van buite op te knap en aantreklik vir besoekers te maak.
vii. Die handelsagent voer die bestelling uit, wat deur 'n buitelandse firma gemaak word.

OEFENING 40.

Skryf die volgende sinne in die meervoud:—

i. Die algemene handelstoestand is bevredigend.
ii. Die kleinhandelaar het sy wissel verdiskonteer.
iii. Die opbrings van diamante word op dieselfde grondslag bereken.

iv. Die handelstoestand het 'n ruspunt bereik.
v. Die wisselskoers toon 'n baie minder gunstige neiging aan.
vi. Die voorstel, wat deur die president gemaak is, is deur die Senaat aangeneem.
vii. Die buitelandse produseerder is deur die spoorwegstaking swaar getref.

OEFENING 41.

Verklaar die volgende sinsnedes en gebruik hulle daarna in goeie sinne:—

'n Tekort word gedra.
'n Ooreenkoms te repudieer.
Uitwissing van die kapitale skuld.
'n Ongesonde toestand.
Beperkende faktore.
Metodes van bewerking.
Strewe van 'n liggaam.
Bepaalde gedragslyn.
'n Suksesvolle onderneming.
'n Vreemde voorval.

OEFENING 42.

Brei die volgende sin uit in die vorm van 'n opstel:—

"Daar is te veel boere wat in die hoop lewe om hul fortuin uit boerdery te maak, in plaas van die doel voor oë te hou om 'n behoorlike bestaan daaruit te maak."

OEFENING 43.

Skryf die volgende oor in eenvoudige taal:—

i. "Die hele ekonomiese samelewing is vandag op 'n krediet basis gegrond."
ii. "Al wat uitheems is moet meer en meer deur die inheemse vervang word."
iii. "Die mate van krediet wat ons toestaan hang af van die mate van krediet wat ons self geniet."

iv. "Baie van die kopermyne is nog in verskillende stadia van ontwikkeling."

v. "Die ekonomiese stryd is in seker opsigte moeiliker as die stryd op die slagvelde."

OEFENING 44.

In die volgende paragraaf word nadruk gelê op—

i. Taal- en kultuurstryd.
ii. Sukses van daardie stryd.
iii. Erkenning van volksleiers.
iv. Konstitusionele vaslegging van die taal.
v. Gebruik van die taal.

"Die onverpoosde taal- en kultuurstryd wat daar in die na-oorlogse jare van ons volkbestaan met soveel sukses gevoer is, het uiteindelik vir ons taal en kultuur toegang verskaf van die laagste skoolbanke tot die hoogste aan die uniwersiteite. Die geestelike volksleiers sowel as die hoogste wetgewende magte in ons land twyfel nie meer aan sy regmatige aanspraak op voortbestaan nie, en deur die konstitusionele vaslegging van die taal het hulle ons gewys dat hulle vaste vertroue het in die volk wat daardie taal, deur gedurige gebruik, sal laat opbloei en groei tot hy kragtig, gespierd en sterk sal wees." (*Uit die Nuwe Brandwag.*)

Die leerling moet, nadat 'n verklaring gegee is van elk van die aangeduie punte, elkeen ontwikkel in die vorm van 'n paragraaf.

OEFENING 45.

Gee teenstellings en sinonieme van die volgende kursiefgedrukte woorde:—

i. *Onverpoosde* stryd
ii. *Sukses*
iii. *Gevoer*
iv. *Verskaf*
v. *Toegang*
vi. *Twyfel*
vii. *Regmatige*
viii. *Vertroue*
ix. *Opbloei*
x. *Kragtig*

OEFENING 46.

Vir bespreking.

Die volgende moet deur elke suksesvolle Handelsreisiger nageleef word:—

Rigting waarneem — aanwysings verskaf.
distribueerder op hoogte hou — pryse kwoteer.
veld win of afsetgebied uitbrei — skommelings waarneem.
mededinging beperk — onversuimd bestellings uitvoer.

i. *Skryf nou 'n sin in die verlede tyd oor elkeen van die aangegewe punte.*
ii. *Verbind daarna die sinne in die vorm van 'n opstel.*

OEFENING 47.

Gebruik die volgende woorde in sinne:—

Voorbeeld:—Die pryslys van die firma K. toon 'n 10 persent handelsdiskonto aan.

Eksemplaar.	handel.
etiket.	handelsonderneming.
pryslys.	fabrieksagent.
reiskoste	krediet.
kwotasie.	merk.

OEFENING 48.

Vorm persoons- en saakname van elk van die volgende werkwoorde:—

Voorbeeld:—	Uitgee	uitgewer	uitgawe
	verkoop	.....	.....
	konkureer	.....	.....
	bied	.....	.....
	handel	.....	.....
	produseer	.....	.....
	druk	.....	.....

OEFENING 49.

Skryf die volgende oor in die indirekte rede:—

i. President Steyn het gesê toe hy in Europa was:— „Waar ek nou die meeste na verlang nou dat ek teruggaan na Afrika toe, is om met my rug teen die Afrikaanse son te gaan sit."

ii. Die groothandelaar het gesê:— „Ek is van mening dat een van die belangrikste gebeurtenisse wat in ons landboubedryf plaasgevind het, is die invoer van die inspeksie-sisteem vir die uitvoer van produkte, want dit verplig ons om die nodige aandag aan gradering te gee."

iii. Die ervare sakeman beweer:— „Ek kan uit my lastige klant profyt trek; ek moet hom maar alleen so voorkomend moontlik behandel en hom terselfdertyd my grootste sortering ware voorlê."

iv. 'n Dame het my vertel dat sy nie langer by 'n sekere kruidenier koop nie. „Waarom"? vra ek. „Omdat" het sy geantwoord, „hy tien minute nodig het om 'n pond botter af te weeg. Hy weeg dit so af asof dit pure goud was, wat hy verkoop."

OEFENING 50.

Skryf die gedagtes neer wat in die volgende sin opgesluit lê:—

"Kan 'n volk ooit bly bestaan wat sy eie taal vir 'n ander prys gegee het?"

OEFENING 51.

Gebruik die volgende in sinne:—

Jaarlikse bydrae.	— krediet uitbrei.
fakture in duplo.	— vernaamste uitgawes.
styging in pryse.	— onvermoeide pogings.
'n gekwoteerde prys.	— op 'n mislukking uitloop.
'n saak bevorder.	— 'n bekende merk.

OEFENING 52.

Oor Aflewering — Pryse — Kwaliteit.

Aflewering:—

'n Maandelikse aflewering.
'n toekomstige aflewering.
'n vertraagde aflewering.
'n versnelde aflewering.

Pryse:—

Pryse styg (daal).	Pryse bly vas (ferm).
gekwoteerde prys.	lopende prys.
sluitingspryse.	vragpryse.
nominale pryse.	vasgestelde pryse.

Kwaliteit:—

Minderwaardige kwaliteit.
hoogstaande of superieure kwaliteit.

Skryf die volgende voluit:—

i. As gevolg van baie skerp mededinging ..... (prys daal).
ii. Die aanbod bly vas nieteenstaande .... (prys styg).
iii. Die vertraging in die aflewering het as gevolg gehad ..... (prysnoterings staan hoër).
iv. Die vraag vir toekomstige aflewerings van minderwaardige kwaliteit het ..... (sluitingspryse) ..... (bo die nominale waarde).
v. 'n Makelaar verkoop katoen teen ..... of.....
vi. Die ..... pryse hang af of die aflewering..... of ..... sal wees.
vii. Die nominale pryse heers wanneer .... (ewewig in vraag en aanbod).
viii. Die sluitingspryse vind plaas .... (waar?)

HOOFSTUK V

OEFENING 53.

ADVERTENSIES.

Skryf 'n opstel van 30 *reëls oor Advertensies met die volgende as grondslag*:—

Handelaars wat 'n besigheid wil begin, sowel as die wat hulle relasies wil uitbrei deur middel van 'n nuwe artiekel wat hulle in die handel wil bring, of om klandiesie te behou, is genoodsaak om op goeie voet met die kopende publiek te staan. Om die doel te bereik moet daar allerlei soorte advertensiemiddele aangewend word. Die vernaamste is reklamekaarte, advertensies in tydskrifte, strooibiljette, opvallende aanplakbiljette, die rolprent en geïllustreerde katalogusse met pryslyste. Kunstige voorstellings van 'n artiekel gepaard met grappige opmerkings trek gewoonlik die aandag van die leser.

Groot firmas wy dus ook baie aandag aan die advertensieafdeling. 'n Grondige mensekennis en 'n uitgebreide ervaring word vereis van die lede van die personeel wat belas is met die opstel en afwerking van advertensies. Hulle streef dan ook na resultate, waarin die verkopings 'n weerklank vind in weerwil van sterk konkurensie.

OEFENING 54.

Skryf die vernaamste kenmerke van 'n advertensie neer.

OEFENING 55.

Stel advertensies op oor die volgende, vir plaatsing in 'n koerant:—

a. 'n Huis te koop.
b. 'n Motorrywiel te koop.
c. 'n Sakboek verloor.
d. 'n Vennoot in 'n besigheid gevra.
e. 'n Agent verteenwoordig 'n nuwe merk koffie.

OEFENING 56.

Woordelys:—

Commercial career	Handelsloopbaan (handelscarrière).
business knowledge	sakekennis; besigheidskennis.
to contend with	te kampe met
commercial house	handelshuis.
special training	spesiale opleiding.
theory of commerce	handelsteorie.
theoretical (practical) knowledge	teoretiese (praktiese) kennis.
sound training	grondige opleiding.
vicissitudes	wisselvallighede.
to dispute (combat) successfully	met sukses bestry.
enterprising	ondernemend.
agricultural show	landboutentoonstelling.
under the patronage of	onder die beskerming van.
of prime quality	eersteklas waarde; van prima kwaliteit.
inferior	minderwaardig.
the quality is beyond criticism	van onbesproke kwaliteit.
durable	duursaam.
gaudy labels	bont, opsigtige etikette.
modern	hedendaags, modern.
antiquity	oud, antiek.
antique	oudheid.

'N BESTUURDER.

Verklaar die volgende woorde en vul hulle daarna in die o.s. *sinne*:—

bestry	handelsteorie	praktiese
teoretiese	handelsloopbaan	werksaam
voltooi	ondernemende	grondige
handelshuis	wisselvallighede	suksesvolle

Vul in:—

Die heer S., bestuurder van die firma T., het sy ..... op die onderste sport van die leer begin. Hy het 'n ..... opleiding in ..... gehad, terwyl hy as jongste klerk in 'n groot handelshuis ..... was. Dus was hy in staat gewees, nadat hy sy studies ..... het, om sy ..... kennis aan te pas by sy daelikse ..... werk. Sy ..... kennis aangevul deur die teorie van handel het gedien om hom 'n ..... opleiding te besorg. Dit alles het hom dus in staat gestel om al die ..... waarmee 'n besigheid te kampe het, met sukses te ..... Hy het dus 'n ..... en ..... besigheidsman geword. Sy eerlikheid, opregtheid en deeglike sakekennis het dit vir hom dus ook moontlik gemaak om 'n klandiesiewaarde op te bou, wat op £1000 bereken word.

OEFENING 57.

Skryf sinonieme vir die kursiefgedrukte woorde:—

Handelsloopbaan.	*Handelshuis.*
Wisselvallighede.	*Te kampe met.*
Spesiale opleiding.	Studies *te voltooi.*
Sakekennis.	*Geskat.*

OEFENING 58.

Gebruik die volgende woorde in goeie sinne sodat die betekenis duidelik uitkom:—

Vergeetagtig, onvergeetlik.
Bewusteloos, onbewus.
Bebou, verbou, opbou.
leer, leër, lêer.
Aandeel, gedeelte.
Pers, pêrs.
Bemoediging, ontmoediging.

OEFENING 59.

Skryf 'n paragraaf oor die vernaamste kenmerke wat 'n goeie besigheidsman kan besit.

Woordelys:—

Authority	opdrag, gesag.
fixed percentage	vaste persentasie.
calculated, based, on sales	bereken op verkopings.
necessary knowledge	nodige kennis.
direct orders	direkte bestellings.
to come to an agreement	tot 'n ooreenkoms geraak; om 'n ooreenkoms te tref.
stock in hand	voorraad op hande.
to enter into negotiations	in onderhandeling tree met.
to open negotiations	onderhandelings aanknoop.
to make arrangements	skikkings te tref (reël).
foreign houses	buitelandse huise.
we try to come to an agreement	ons doen ons bes om ooreen te kom.
power of attorney	volmag, prokurasie.
to indemnify them from costs	om hulle van onkoste te vrywaar.
to modify the conditions	om die voorwaardes te wysig.
to accede to the terms	in die voorwaardes toestem.
responsible; liable	verantwoordelik; aanspreeklik.
we cannot guarantee it	ons kan nie daarvoor instaan nie, dit nie waarborg nie.
sole agent	alleenverteenwoordiger; enigste agent.
to permit	toelaat.
general agent; sub-agent	algemene verteenwoordiger; onderverteenwoordiger.
demands of the public	eise van die publiek.
to break off negotiations	om onderhandelings te sluit —af te breek.
the negotiations fell through	die onderhandelings het op niks uitgeloop nie.
negotiators	onderhandelaars.
the currency of the contract	die duur van die kontrak.
to renew a contract	'n kontrak vernuwe.

we are under contract to supply weekly	ons moet onder kontrak weekliks lewer.
to commit a breach of contract	'n kontrakbreuk begaan.
to observe the conditions of a contract	die voorwaardes van 'n kontrak uitvoer—(naleef, nakom).
to insert a penalty clause	'n strafklousule (of bepaling) insluit.
to put a wrong construction on it.	'n verkeerde uitleg daaraan gee.

OEFENING 60.

AGENTE.

1 Voorraad	13 direkte	23 volmag	
2 besondere verkopings	14 opdrag	24 verplig	
3 inwin	15 skikkings	25 bestellings	
4 ooreenkomste of kontrakte		26 buitelandse huise	
5 nodige	16 persentasie	27 verantwoordelik	
6 aflewerings	17 slegte	28 toegelaat	
7 eise	18 grond	29 pols	
8 opdrag	19 bydrae	30 ekonomies	
9 bekragtig	20 bepaalde	31 partye	
10 kommissie	21 stel	32 vrywaar	
11 bereken	22 ontvang	33 tussenkoms.	
12 ware			

Nadat die bostaande woorde verklaar is moet hulle in die volgende sinne op hulle regte plek ingevul word.

'n Agent is iemand wat opdrag het om 'n firma in 'n bepaalde distrik te verteenwoordig. Die ooreenkomste wat hy sluit, die skikkings wat hy tref en die ..... wat hy reël, verbind volgens wet sy werkgewer, maar indien hy buite sy opdrag handel dan is sy patroon nie verplig om hulle te bind nie. 'n Agent kry 'n

vaste kommissie van alle verkopings wat as gevolg van sy bestellings geplaas word. As die firma nie gevaar wil loop om slegte skulde af te skrywe nie, word 'n ooreenkoms tussen hom en die agent getref (gemaak), waarin bepaal word dat die agent persoonlik verantwoordelik is vir die betaling van alle skulde deur hom toegelaat. Op ..... van die verantwoordelikheid trek hy gewoonlik 'n delkredere ..... wat op die totale verkopings ..... is.

'n Firma mag 'n jaarlikse bydrae aan 'n agent toeken, om hom in staat te stel om nie alleen die mark eers goed te bestudeer nie maar ook om seker te maak dat sy bestellings aan die eise van die publiek voldoen. Hy gebruik dan ook allerlei (allerhande) soorte advertensiemiddels om die nodige kennis in te win. Hy word ook gewoonlik voorsien van 'n groot voorraad monsters.

Tensy die firma die reg behou om alle besondere bestellings uit te voer, wat uit die distrik van die agent ontvang word, moet hulle deur die agent gaan. Agente van buitelandse huise het in die reël 'n groot voorrade op hande. Dit is meer ekonomies vir die fabrikante om goedere in groot afleverings na hulle agente te stuur, want op die manier bespaar hulle hulself van allerlei koste, b.v. verminderde skeepsvrag, assuransiegelde, verpakking, ens.

OEFENING 61.

Vul in geskikte byvoeglike naamwoorde:—

1. ..... vorderings.
2. ..... uitgawes.
3. 'n ..... vertoonkamer.
4. 'n ..... bestelling.
5. ..... aflewerings.
6. ..... prokurasie.
7. 'n ..... offerte.
8. 'n ..... vergoeding.
9. 'n ..... tarief.
10. 'n ..... berig.

HOOFSTUK VI.

OEFENING 62.

Verklaar die volgende uitdrukkings: Skryf hulle dan oor in die vorm van 'n samegestelde sin sodat die betekenis duidelik uitkom.

Voorbeeld:—

(i) Die lening met die Assuransie Maatskappy word vandag gesluit.
(ii) Die handelaar sluit 'n lening met die handelsbank.

1. 'n Lening word gesluit.
2. Geld word gestort.
3. 'n Belasting word gehef.
4. 'n Ooreenkoms word getref.
5. 'n Transaksie word afgehandel.
6. Inligtings of informasie word ingewin.
7. Dienste word bewys.
8. Geld word belê.
9. 'n Promesse word geteken.
10. Die versoek word geweier.
11. Die balansstaat word opgestel.
12. 'n Voorskot word toegestaan.
13. Sekuriteit word gelewer.

OEFENING 63.

Vorm byvoeglike naamwoorde van die volgende werkwoorde en gebruik hulle met geskikte selfstandige naamwoorde:—

B.v.	Vastel — — —	'n Vasgestelde datum
	vollaai	aflewer
	verskeep	bespreek
	beperk	uitsluit
	oorhandig	verrig.

OEFENING 64.

Verklaar die verskil tussen die volgende woordpare deur middel van goedgekose sinne:—

1.	Aankondig	verkondig
2.	reëlings	reëls
3.	voorkeur	afkeur
4.	redes	redery
5.	datums	data
6.	vriendelik	erkentlik
7.	daeliks	alledaags
8.	deurskynend	deursigtig
9.	teenwoordig	teenswoordig
10.	bylae	byvoegsel.

OEFENING 65.

Gee die teenoorgestelde van die kursiefgedrukte woorde:—

1. *Voorlopige* reëlings.
2. *Bruto* gewig.
3. *Laagste* inskrywing.
4. *Gesamentlike* rekening.
5. *Ruime* middels.
6. *Kontant* verkopings.
7. *Voortdurende* vraag.
8. *Buitelandse* mark.
9. 'n *Party* vrugte.
10. 'n *Publieke* opveiling.

OEFENING 66.

Vul 'n gepaste voorsetsel in:—

1. ..... rekening van.
2. 'n Rekening te belas .....
3. Iets ..... 'n rekening afbetaal.
4. Goedere ..... konsienjasie.
5. ..... waarborg van die bank.
6. Met betrekking ..... die vragbriewe.
7. Goedere word afgelewer ..... betaling.
8. Voorkeur gee .....
9. Hy verkies hierdie ..... daardie.
10. Hy verskil ..... hom.

Woordelys:—

Auction	publieke verkoping; vandiesie
auction-mart	vandiesiesaal.
auctioneer	vandiesieafslaer
ample funds	voldoende kapitaal; ruime fondse
consignor	versender.
consignee	ontvanger.
consignment	besending.
credit note	kredietbriefie.
debit note	debetbriefie.
gross proceeds	bruto opbrings.
items	poste.
postings or entries	boekinge.
on account of	op rekening van.
to charge to the debit of an account	'n rekening te belas met.
to remit	te betaal.
remittance	geldsending; remiese; betaling.
parcel of goods	'n party goedere.
parcel post	pakketpos.
a statement of accounts or account	'n rekening.
a specified account	'n gespesifiseerde rekening.
specify	spesifiseer.
to effect a sale	'n koop sluit.
to do business on a large scale	op 'n groot skaal besigheid verrig (doen).
on business	vir sake.
reliable salesmen	betroubare verkopers (agente).
on sale or return	in kommissie; in depot.
there is a ready sale for these goods	hierdie artiekels verkoop goed.
to be well up in a trade	om goed op die hoogte van 'n handelsonderneming te wees.

OEFENING 67.

VRUGTE.

Belang	artiekel
vrugte-uitvoerders	betroubare
hoedanigheid	aandag
bring	aanhoudende
hoogte	skommelings.
party	geld
uitvoerhandel	verkooprekening
advertensies	verseker
krediet-nota	bestaan
versenders	lading
assuransie	skeepsvrag.

Vul bostaande woorde in:—

1. Die Suidafrikaanse ..... doen aanvraag vir ..... agente op die verskillende Europese marke.

2. Dit is van groot ..... vir die ..... om 'n bepaalde afsetgebied in die verskillende lande te hê om die goeie ..... van Suidafrikaanse vrugte gedurig onder die ..... van die publiek te .....

3. Dit is 'n bekende feit dat die vraag na 'n ..... alleen toeneem deur die ..... gebruik van ..... .

4. Al die agente moet goed op die ..... wees van die ....., wat van tyd tot tyd op die vrugtemark plaasvind, om verkoping te .....

5. Daar ..... gewoonlik 'n soort verstandhouding tussen die groot handelaars en die agente, sodat wanneer 'n groot ..... vrugte verkoop word, 'n ..... oorhandig word in plaas van 'n som .....

6. Na die verkoop van elke ..... vrugte is die agent verplig om 'n volledige ..... op te stel en aan die ..... te stuur.

7. Die versender moet gewoonlik tydens inskeping alle ..... en ..... -koste betaal.

OEFENING 68.

Maak sinne om die betekenis duidelik te laat uitkom:

1. Bond, bont, verbond.
2. kruid, kruit.
3. lid, lit.
4. mied, miet.
5. nood, noot, genoot, vennoot.
6. bedink, verdink, gedink, herdink.
7. bewys, verwys, toewys, afwys.
8. besleg, versleg.
9. besigtig, versigtig.
10. afset, afsit; beset, besit; verset, ontset.
11. winsverdeling, winsdeling.

OEFENING 69.

Gebruik die volgende uitdrukkings in sinne:—

Met die oog op
'n onderhandse akkoord
'n bemonsterde offerte
'n vryblywende offerte
'n vaste offerte
ongeplaaste obligasies
onderlinge versekering
emballasie-koste
aktiewe skulde
beskikbare metaal-saldo.

OEFENING 70.

Vorm byvoeglike naamwoorde van onderstaande selfstandige naamwoorde en gebruik in goeie sinne:—

Voorbeeld: wonder; wonderlik; 'n wonderlike ervaring.

1. Periode.
2. respek.
3. telefoon.
4. oorsaak.
5. vrug.
6. meester.
7. yster.
8. verstand
9. wêreld.
10. fossiel.

OEFENING 71.

Vorm persoons- en saakname van die onderstaande werkwoorde:—

1. uitvind
2. arbeid
3. onderneem
4. verseker
5. produseer
6. koloniseer
7. kapitaliseer
8. likwideer
9. telegrafeer
10. kwiteer.

OEFENING 72.

Gebruik gepaste selfstandige naamwoorde met onderstaande werkwoorde in kort sinne:—

Voorbeeld: Krediteer—'n rekening krediteer.

1. Debiteer
2. brandmerk
3. herken
4. stempel
5. beman
6. bevrag
7. belas
8. produseer
9. bepantser
10. beplant.

OEFENING 73.

Gee die teenoorgestelde van die volgende kursiefgedrukte woorde:—

1. 'n *Vrugbare* landstreek.
2. 'n *Skynbare* depressie.
3. 'n *Skone* toekoms.
4. 'n *Vrugtelose* poging.
5. 'n *Skerpe* mededinging.
6. 'n *Vrye* toegang.
7. 'n *Ernstige* verhaal.
8. *Grof* bereken.
9. 'n *Vrye* houding.
10. 'n *Plegtige* seremonie.

OEFENING 74.

Vul gepaste byvoeglike naamwoorde in:—

1. 'n ..... onderneming.
2. 'n ..... saak.
3. ..... handelsware.
4. ..... handelstoestande.
5. 'n ..... ooreenkoms.
6. 'n ..... verslag.
7. 'n ..... uitvoerhandel.
8. 'n ..... gebeurtenis.
9. 'n ..... toestand.
10. 'n ..... verhouding.

OEFENING 75.

Gebruik die volgende pare verlede deelwoorde in goeie sinne om die verskil in betekenis te laat uitkom:—

verbind, verbonde. — gebuig, geboë.
gebreek, gebroke. — opgeskiet, opgeskote.
geskend, geskonde. — gespreek, gesproke.
gebind, gebonde. — opgewen, opgewonde.
gedwing, gedwonge. — geskep, geskape.
geslyp, geslepe. — gesluit, geslote.
ingeneem, ingenome. — aanbeveel, aanbevole.
geskryf, geskrewe. — betrek, betrokke.

OEFENING 76.

Vorm byvoeglike naamwoorde van:—
Voorbeeld: oud—ouderwets.

Verklaar	liefde
guns	ramp
doof	goed
edel	vol
blou	siek
dood	eer

OEFENING 77.

Gebruik die volgende skeibare en onskeibare werkwoorde in sinne sodat die verskil in betekenis duidelik uitkom:—

1.	oórkom	oorkóm
2.	deúrreis	deurréis
3.	deúrgaan	deurgaán
4.	vólmaak	volmaák
5.	oórdryf	oordryf
6.	voórspel	voorspél
7.	óndersoek	ondersoék
8.	vóorkom	voorkóm.

OEFENING 78.

Vorm 3 afgeleide naamwoorde van elkeen van die volgende:—

Voorbeeld: sing; sang; sangstuk; gesang.

i.	reken	iv.	soek
ii.	deel	v.	trek
iii.	stel	vi.	kos.

OEFENING 79.

Toon die verskil in betekenis tussen die volgende woordpare aan:—

1.	bruikbaar	gebruiklik
2.	kosbaar	kostelik
3.	draagbaar	draaglik
4.	beweegbaar	beweeglik
5.	verkiesbaar	verkieslik
6.	buigbaar	buigsaam.

OEFENING 80.

Gebruik die volgende woorde in kort sinne om die verskil in betekenis duidelik te laat uitkom:—

i.	beken	erken
ii.	onbesorg	sorgeloos
iii.	daeliks	alledaags
iv.	welsprekend	spraaksaam
v.	agterlaat	nalaat
vi.	aanmerking	opmerking
vii.	versigtig	sorgvuldig
viii.	naamloos	nameloos.

OEFENING 81.

Gebruik geskikte selfstandige naamwoorde by die volgende byvoeglike naamwoorde:—

1.	deurskynend	deursigtig
2.	beroemd	berug
3.	wonderbaarlik	bewonderingswaardig
4.	geestelik	geestig
5.	onpeilbaar	peilloos

OEFENING 82.

Vul gepaste voorsetsels in:—

1. Sy toevlug neem .....
2. ..... styging van die fondse.
3. Weinig goeds verwag ..... iets.
4. Iemand raadpleeg .....
5. Met medewerking .....
6. 'n Mark ..... hande kry.
7. ..... krediet blootstel.
8. 'n Noukeurige ondersoek instel .....
9. ..... aankoms.
10. ..... vertrek.

OEFENING 83.

Vorm persoons- en saakname van onderstaande werkwoorde:—

Voorbeeld:—help; hulp; helper.

Fungeer	beweer
konkureer	ondersteun
bemiddel	ontvang
noteer	waarneem
organiseer	oefen
bevestig	skik

OEFENING 84.

Gebruik selfstandige naamwoorde met o.s. werkwoorde in kort sinne:—

Voorbeeld:—'n Wet word deur die Parlement ontwerp.

1. 'n ..... oplos.
2. 'n ..... belê.
3. 'n ..... gesluit.
4. 'n ..... gestaaf.
5. 'n ..... aangesuiwer.
6. 'n ..... verbeurdverklaar.
7. 'n ..... oor beskik.
8. 'n ..... gestyf.
9. 'n ..... gepols.
10. 'n ..... aanvaar.

OEFENING 85.

Gebruik die volgende uitdrukkings in sinne:—

Met betrekking tot	in verbinding stel
na aanleiding van	by voorbaat
uit hoofde van	met die oog op
in verband met	in verband met
ten opsigte van	bewys lewer.

OEFENING 86.

Vul in 'n gepaste byvoeglike naamwoord afgelei van die naam van 'n land:—

Voorbeeld:—

Suidafrikaanse wol.
..... kaas.
..... tabak.
..... goud.
..... oorlosies.
..... vis.
..... wyn.
..... koring.
..... moter.
..... vye.
..... leer.
..... kruie.
..... sy.
..... lakwerk.
..... koffie.

OEFENING 87.

Vul in "mag," "sou" of "laat":—

(i) Jan, ... hom nou maār loop.
(ii) Die klant ..... môre sy rekening betaal.
(iii) ..... ek dit maar doen?
(iv) Die man het gesê dat hy dit ..... doen.
(v) ..... my toe om die brief te skrywe.
(vi) ..... jy dink dis waar?
(vii) Ek is nie seker nie, maar hy ..... kom.
(viii) ..... hy tog maar veilig aankom!
(ix) Kom, ... ons nou maar gaan.
(x) Ek ..... dit nie gewaag het nie.

OEFENING 88.

1. *Vul die gepaste voorsetsel in:—*
   (i) Ons het nog niks ..... daardie saak beslis nie.
   (ii) Al die goedere is gestuur ..... die systowwe.
   (iii) Ons het die bestelling .... ons handelsreisiger ontvang.

(iv) ..... die afgelope maand was die fabrieke baie bedrywig.
(v) Dis baie moeilik ..... my om die bestelling uit te voer.
(vi) Stuur my No. 6 ..... No. 10.
(vii) My adres is Slangfontein ..... Christiana.
(viii) Daar is 'n tekort van £50 ..... my boeke.
(ix) Ek het nog niks van u gehoor ..... my laaste brief nie.
(x) Dit word alles ..... jou gedoen.

OEFENING 89.

2. *Vul in*:—

(i) Hy hou baie ..... hom.
(ii) Hy is kwaad ..... my.
(iii) Die man is baie jaloers ..... hom.
(iv) Ek is trots ..... my besigheid.
(v) Die besending bestaan ...sy- en wolstowwe.
(vi) Hy doen aansoek ..... die betrekking.
(vii) Hy ly ..... koors.
(viii) Ek verlang ..... die vakansie.
(ix) Ek vertrou ..... hom.
(x) Ek dink baie ..... jou.

OEFENING 90.

Gebruik in sinne sodat die betekenis duidelik blyk:—

1. uurwerk en werkuur.
2. huisraad en raadhuis.
3. tabakrook en rooktabak.
4. kapwa en wakap.
5. vetkers en kersvet.
6. koeëlgeweer en geweerkoeël.
7. spoorwa en waspoor.
8. dagskool en skooldag.

OEFENING 91.

Vul in:—

1. 'n Wet word .....
2. 'n Skip word .....
3. 'n Vlag word .....
4. 'n Put word .....
5. Jou plig .....
6. Die beskuldigde .....
7. Handelsrelasies .....
8. 'n Lening word .....
9. 'n Wissel word .....
10. Die klerk word .....

OEFENING 92.

Gebruik die volgende woordpare in sinne sodat die betekenis duidelik uitkom:—

eerlik en eervol.
kinderlik en kinderagtig.
verkiesbaar, verkieslik.
kosbaar, kostelik.
wettig, wetlik.
sedig, sedelik.
sinloos, sinneloos.
meesteragtig, meesterlik.
wonderbaar, wonderlik.
tydig, tydelik.
vyandig, vyandelik.
geestig, geestelik.
houterig, houtagtig.
buigbaar, buigsaam.
beweegbaar, beweeglik.
eindig, eindelik.
mensdom, mensheid.

HOOFSTUK VII.

HERSIENING.

OEFENING 93.

Ontleed:—

As daar deur sommige lede miskien gevra word, waarom ons nie hierdie gedragslyn al vroeër gevolg het nie, wil ek daarop wys dat ons al jarelank proefnemings gedoen het, waardeur bewys is dat dit ons nie sal loon, om sulke werk te aanvaar nie, sodat ons nou meen dat ons maar moet aangaan op die ou beproefde pad, ofskoon dit vir sommiges wat stadig en ouderwets sal lyk.

OEFENING 94.

Gebruik die volgende woordpare in sinne om die verskil in betekenis te laat blyk:—

(a) *Ontdek*:
Uitvind:

(b) *weet*:
ken:

(c) *herinner*:
herdink:

(d) *vars*:
nuut:

(e) *darem*:
daarom:

OEFENING 95.

Gee 'n verkorte weergawe van die volgende:—

„As daar een saak is wat die onverdeelde aandag van elke Afrikaner verdien wat die belange van sy land op die hart dra, dan is dit droogte bestryding. Periodieke droogtes het by ons al 'n soort van vaste instelling geword: van

tyd tot tyd gebeur dit dat ons volk—insonderheid die boer—genoodsaak word om te kamp met 'n droogte wat die noodlottigste gevolge teweegbring omdat dit die nekslag gee aan duisende boere. En dit is nie alleen die boer wat die noodlottige gevolge van so'n droogte moet ly nie, maar elke lid van die samelewing moet op een of ander manier ondervind dat 'n algemeen heersende droogte 'n nasionale ramp is. Want die boer is tenslotte tog maar die ruggraat van die land, en 'n ramp wat die boer tref moet, uit die aard van die saak, die hele volk tref."

OEFENING 96.

Ontleed:—

(a) Iemand wat sy werk verwaarloos, sal nooit tot die mate van voorspoed kom, wat hy anders kon bereik nie.

(b) Hoewel ek die heeldag gewerk het, is ek tog nie besonder moeg nie.

OEFENING 97.

Gebruik die volgende woordpare in sinne om die verskil in betekenis te laat blyk:—

(a) *Begin*: *Beginsel.* (b) *Versigtig*: *Sorgvuldig.*
(c) *Naamloos*: *Nameloos.*

OEFENING 98.

Gebruik die volgende handelsterme in sinne om die betekenis daarvan te verklaar:—

Betalingsvoorwaardes.	*hipoteek.*	*faktuur.*
Agterstallige Rekening.	*omset.*	*reklame.*
Prysnoterings.	*kredietbriefie.*	*Kredietbrief.*

OEFENING 99.

Skryf die volgende oor in die Indirekte Rede:—

„Ek was ongelukkig die môre; die wild was baie sku, en so het my koeëls naderhand opgeraak. Opeens spring daar 'n bosvark op. Ongelukkig het ek nie meer een koeël nie. Ek voel in my sak—en ja, daar kry ek 'n spyker."

OEFENING 100.

Gee 'n verkorte weergawe van die volgende:—

Gelyk alle half-tropiese lande word Suid-Afrika van tyd tot tyd geteister deur droogte wat soms seer ernstig is. By 'n beskouing van 'n grafiese voorstelling van afwykinge van die normale jaarlikse reënval sedert 1878, blyk uit die dertigjarige ondersoek dat in geen enkel geval die gehele land gely het weëns 'n tekort aan reën nog andersyds het daar 'n geval bestaan, selfs in jare van oorvloedige neerslag, waarin sommige gedeeltes van die Unie geen tekort noteer nie. Dit is dus duidelik dat indien daar 'n jaar was in die verlede met 'n oorvloed van of tekort aan reën oor die gehele land, of indien dit in die toekoms sou voorkom, so 'n gebeurtenis as buitengewoon beskou moet word.

OEFENING 101.

Ontleed:—

Dit lê die grondslag vir 'n ideale leerplan vir die elementêre skool, mits ons mense so toegerus word, dat hulle kan sien waartoe dit strek, en as die Departement, al is hy ook ver weg in Kaapstad, wil toelaat dat eksperimente uitgevoer word.

OEFENING 102.

Gebruik die volgende handelsterme in goeie sinne:—

Klandiesie.
Afsetgebied.
Prysvermindering.
Wissel.
Rentekoers.
Vereffen.
Katalogus.

OEFENING 103.

Gebruik die volgende woorde in sinne om die verskil in betekenis te verklaar:—

Eerlik
Eerbaar
Eersaam
Eervol.
Kinderagtig.
Kinderlike.
Kinds.

OEFENING 104.

Skryf die volgende oor in die indirekte rede:—

„Moenie te haastig wees en ons veroordeel nie, maar verleen ons u vertroue. Suid-Afrika is ons land en vaderland. Elke man wat in Suid-Afrika woon, aan watter ras of party hy ook al mag behoor, werk in die lig wat hy ontvang het vir die welvaart van ons kinders; wie sal opsetlik iets doen om sy land te benadeel? Ek gaan na my vaderland om te werk vir 'n beter verstandhouding tussen die twee rasse. Wie sal sê wat ons miskien kan bereik?"

OEFENING 105.

Skryf 'n verkorte weergawe neer van die volgende:—

„Dit is my 'n genoeë om die samesteller van hierdie boek geluk te wens met die uitvoering van 'n taak wat seker nie maklik was nie. Om boerdery te beskou van die kant van die wetenskaplike teorie en dit te bespreek met persone wat wetenskaplike opleiding gehad het is nie moeilik nie, maar om die wetenskaplike waarhede toe te pas op praktiese vraagstukke en dit so uiteen te sit, dat die gewone man op die plaas kan verstaan nie alleen wat hy moet doen nie, maar ook waarom hy dit moet doen, is 'n ander saak. Die hele boek is van begin tot end vol informasie vir die leser, wat m.i. absoluut noodsaaklik is vir hom om te weet. Die bladwyser aan die end van die boek maak dit maklik om gou informasie te kry oor byna enige tak van boerdery. Ek is daar oortuig van dat hierdie boek werklik middels en maniere aanwys tot meer winsgewende boerdery en tot groter welvaart vir 99 persent van die boerende boere."

OEFENING 106.

Ontleed:—

Toe die man, wat die berig gebring het, weg was, neem oupa, wat al die tyd skynbaar in die koerant sit en lees het, net asof die saak hom heeltemal nie aangaan nie, die brief van die tafel af.

OEFENING 107.

Gebruik die volgende woordpare in goeie sinne:—

Gehoor.	Oneindig.	*Links:*
Verhoor.	Eindeloos.	*Linker.*

OEFENING 108.

Gee 'n verkorte weergawe van die volgende:—

Arbeidstoestande in die Unie:

„Alle vraagstukke betreffende arbeidstoestande en betaling vir arbeid in die Unie word beinvloed en in byna elke geval ingewikkeld gemaak deur die aanwesigheid in ons land van Naturelle- en Kleurlingelemente, wat in getalsterkte die blanke bevolking ver oortref. By die oorweging van enige saak in verband met arbeid en nywerheid moet met die teenwoordigheid van belangryke hoeveelhede Naturelle, Asiate en ander nie-blanke arbeiders steeds rekening gehou word as 'n wysigende en, in sommige gevalle, as 'n oorheersende faktor. Die aanwesigheid van sulke betreklik goedkope arbeidskragte het die land se ontwikkeling op verskillende maniere beinvloed. Die invoer van Indiese arbeiders in Natal het in die begin die merkwaardige vooruitgang van die suikernywerheid moontlik gemaak, die teeplanters voorsien van geskikte werkkragte en ook veel van die werkkragte gelewer vir spoorwegaanleg en steenkoolontginning."

OEFENING 109.

Ontleed:—

Uit die berg oorkant die rivier kyk hy van 'n hoë krans waarop hy sit, hoe die waentjie langs die grootpad beweeg, tot dit in die verte verdwyn, waar die bloute van die oneindige wydte dit verswelg.

OEFENING 110.

Gebruik die volgende woordpare in sinne om die verskil in betekenis te verklaar:—

Ontslag.	Aanstelling.	Voorkeur.
Verslag.	Bestelling.	Afkeur.

OEFENING 111.

Gebruik die volgende handelsterme in goeie sinne:—

Bedryfskoste.
Bedryfskapitaal.
Gespesifiseerde rekening.
Netto gewig.
Bruto gewig.

OEFENING 112.

Skryf 'n verkorte weergawe neer van die volgende:—

„Geen invoer van goedere in die Unie kan plaasvind sonder behoorlike opgawe en die betaling van alle verskuldigde invoerregte. Ieder persoon wat in die Unie besigheid dryf, is verplig om binne die Unie op 'n redelike en behoorlike wyse boek te hou van sy transaksies in een van die offisiële tale van die Unie. Van hom kan geëis word om tot twee jaar na die datum van enige invoer die vragbriewe, rekeninge en ander dokumente te vertoon, wat op die goedere betrekking het. Die besonderhede wat in die inklaringsbriewe moet vermeld word, is in die regulasie voorgeskrywe. Van enige persoon wat goedere ter verkoop aanbied, of die vervoer of sulke goedere in sy boeke ingeskrywe het, kan verlang word om bewys te lewer, van watter persoon hy hierdie goedere verkry het, en as hy 'n invoerder is, van die kantoor waar die invoerregte daarop betaal is.

Die kaptein van 'n skip is verplig om persoonlik, of deur middel van sy gemagtigde agent, binne vier-en-twintig uur na aankoms van sy skip in 'n Unie-hawe daarvan aan 'n amptenaar van doeane kennis te gee. Behoorlike inklaring van goedere moet gedoen word, alvorens die geland kan word. Invoerders moet binne veertien dae na aankoms van die skip, hulle goedere inklaar. By versuim daarvan kan die goedere in die Doeane-pakhuis opgeslaan word, en. wanneer nie binne drie maande ingeklaar nie, verkoop word."

OEFENING 113.

Ontleed:—

Daar die meeste mense van opienie was dat die handelaar soiets nooit sou doen nie, tensy onder abnormale omstandighede, kon hul die gerugte, wat oor die hele dorp was, dat hy die skuldige was, eenvoudig nie glo nie.

OEFENING 114.

Gebruik die volgende woordpare in sinne om die verskil in betekenis te verklaar:—

Gebruiklik.	Verkiesbaar.	Rekening.
Bruikbaar.	Verkieslik.	Rekenskap.

OEFENING 115.

Skryf oor in die indirekte rede:—

„Dokter," sê hy half weemoedig, „ek het vanmôre my laaste bietjie tabak opgebruik wat ek nog in Bethlehem gekoop het; en waar sal ek weer kry? Dit is darem swaar vir 'n man van my jare, dokter, om sy ou lede so te pla—ek was altyd so op my gemak gesteld."

„Ja, oom, 'n mens moet baie opoffer vir jou land; daarvoor kan geen opoffering te groot wees nie. Maar wat die tabak betref, sal ek vir oom 'n bietjie van my 'Magaliesberg' gee?"

OEFENING 116.

Skryf 'n verkorte weergawe neer van die volgende:—

Opvoeding in Switserland:—„Switserland bestaan uit twee-en-twintig kantons en drie half-kantons, of soos ons hier in Suid-Afrika sou sê, distrikte. Die uitstaande karakteristiek van opvoeding in daardie land is onderwys wat nodig is vir iedere klas van bewoners. Verpligte onderwys duur heelwat langer as hier by ons in Suid-Afrika, en voorsiening is gemaak vir 'n volmaakte (sover iets op aarde volmaak kan wees) opvoedkundige leer wat lei van die elementêre skool na die uniwersiteite, aan die een kant, en tot 'n beroeps- en tegniese opleiding aan die ander kant.

Die stelsel is 'n direkte gevolg van die wens van die bevolking, want die Switsers weet wat hulle wil hê en het hulleself gewilliglik belas om die stelsel in werking te sit. Die verskillende kantons het volkome beheer in sake die opvoeding aangaande. Buiten federale inspeksie en sekere federale bydraes kan ieder kanton sy kinders opvoed na die vereistes van die kanton. 'n Gesonde mededinging bestaan tussen die kantons en dit het baie daartoe bygedra om die bewonderenswaardige resultate te behaal. Soos by ons die sake staan, is daar 'n alte groot neiging om kinders aan te spoor om iets hoërs te word as hulle ouers is. Die soort opvoeding is goed vir begaafde kinders, maar dit deug nie vir die gemiddelde nie. Word laasgenoemde later in hoër posiesies geplaas, dan kan 'n mens byne seker wees dat hulle hul werk nie nougeset sal doen nie."

OEFENING 117.

A. *Skryf die vernaamste karaktertrekke wat elk van die volgende aan die dag moet lê om suksesvol te wees:—*

a. Jongste bediende.
b. Winkelbediende.
c. Klerk.
d. Bestuurder.

Bewerk elkeen daarna in 'n paragraaf.

B. "Die wêreld word regeer deur aangename herinneringe."

Brei die gedagte uit wat daarin opgesluit lê vir die besigheidsman.

HOOFSTUG VIII.

OPSOMMINGS.

(Verkorte Weergawes).

Die kuns om 'n saaklike opsomming van een en ander stuk te maak lê daarin dat die skrywer slegs die belangrikste punte weergee. Sulke verkorte weergawes is baie nuttig. Die onmiddellike doel daarvan is om tyd te bespaar daar die leser in 'n paar oomblikke die essensiële inhoud magtig kan word sonder om die oorspronklike stuk te lees. Dit is egter nie die enigste voordeel nie; dit is ook nuttig omdat die skrywe van verkorte weergawes baie daartoe bydra om 'n bondige en duidelike styl te ontwikkel.

In die praktyk is verkorte weergawes onmisbaar. Die bestuurder van 'n besigheid of 'n hooggeplaaste amptenaar het nie die tyd om elke brief of dokument noukeurig te lees nie en daarom word dit aan 'n klerk oorgelaat om net die allerbelangrikste van die inhoud in kort op te stel.

Om 'n saaklike opsomming van 'n stuk te maak, moet die student die inhoud begryp, sodat hy die vernaamste punte kan uitkies en alles uitlaat wat nie ter sake is nie. Daarna moet hy die opsomming as 'n samehangende geheel weergee en sover as moontlik in sy eie taal. Die skrywer moet nie sy eie opienie oor die inhoud uitspreek nie, nog minder 'n kommentaar daarop maak.

Hier volg nou 'n paar wenke wat die student sal help om 'n saaklike opsomming te maak:—

1. Lees die hele stuk aandagtig en noukeurig deur en onderstreep die belangrike gedeeltes.
2. Stel 'n geraamte op met die onderstreepte woorde en sinsnedes.
3. Bou hierdie geraamte op tot 'n samehangende geheel in bondige taal. Vermy alle oortollige woorde en herhalings.

4. As 'n verkorte weergawe van 'n reeks briewe verlang word, word die datum van die eerste brief gegee en nog 'n paar veral as daar 'n taamlike lang tyd tussen die korrespondensie verloop het.

5. 'n Verkorte weergawe behoort omtrent een-derde van die oorspronklike stuk te beslaan. 'n Mens kan die lengte egter nie vasstel nie, want dit hang baie af van die inhoud van die oorspronklike stuk.

Voorbeeld:—

In 'n *jong land* met 'n klein blanke bevolking en gevolglik beperkte afsetgebied soos *Suid-Afrika*, en wat in die verlede vir alles van die *buiteland afhanklik* was, moet byna *iedere industrie 'n opdraande stryd voer*, voordat hy op gesonde grondslag kan kom; en daarom is dit absoluut noodsaaklik dat die *volk ingelig* moet *word* oor wat daar in die land geproduseer word, om dergelike *ondernemings* te kan *steun*, deur aan *Suidafrikaanse* fabrikante die voorkeur te gee.

Produksie uit *eie bodem* is nie alleen 'n *essensiële vereiste* vir *nasionale bloei* en *welvaart nie*, maar dit maak ook die *werkkragte* van 'n land *produktief*, *kleed* en *voed die massas* en *bring geluk* en *tevredenheid* in die bereik van die *arbeidende klasse*.

Daar is geen land in die wêreld waar *nywerhede* vandag meer *aanmoediging* en *steun* sowel van die *owerheid* as van die volk verdien as in ons eie *Suid-Afrika* nie, want dit is in *industriële arbeid* waarin die oplossing van *werkloosheid* en armoede in groot mate *opgesluit* lê—werkloosheid en armoede wat honderde Afrikaners jaarliks tot totale verval bring.

KORT WEERGAWE.

Suid-Afrika, soos alle jong lande met beperkte afsetgebied, sukkel baie om industrieë te ontwikkel weëns buitelandse konkurensie; daarom moet die volk hulle ondersteun.

Eie produksie is essensieel vir nasionale vooruitgang; dit maak die werkkragte produktief en voorsien die massas van alle behoeftes.

Dit verdien verder aanmoediging en steun van die owerheid, want die oplossing van werkloosheid hang baie daarvan af.

OEFENING 118.

VERKORTE WEERGAWES:

„As die winste dikwels inkom, word die boer altyd herinner aan die beperkings van sy inkomste en hy word dus aangespoor om binne sy perke te lewe en meer bedrywigheid aan die dag te lê om dit wyer te maak. Die boer wat verwag om eenkeer per jaar betaal te word, lewe op hoop en krediet en verloor so vertroue in homself."

OEFENING 118a.

„Meneer die President, by die voorstel van die twede lesing van die wetsontwerp, sal ek graag edele Senatore wil refereer na die Rapporte van die Spoorwegraad ter tafel gelê. Edele Senatore sal vind dat daar twee rapporte is, één ingedien aan die begin van hierdie jaar en die twede ingedien op 29 Julie van hierdie jaar. Edele Senatore sal vind dat die eerste rapport twee redes aangee waarom hierdie spoorlyn sal aangelê word; eerstens omdat daar 'n ooreenkoms gemaak is tussen die Departement van Lande en die Spoorweg Departement, waarby bepaal word dat die opbrengs van die kroongronde in die Soeloeland-area, bedien deur die voorgestelde spoorweg, sal gaan tot afbetaling van die kapitale koste van konstruksie."

OEFENING 119.

„Die meeste kooplui is van mening dat onder die kleinhandelaars te veel spekulante aangetref word, wat 'n onvoldoende kennis van hulle bedryf het, en wat verder gedeeltelik bestaan deur kredietverkryging van die groothandelaars. Die kleinhandelaars probeer om hulle omset te vermeerder deur verlening van krediet op groot skaal waardeur die basis van hul bedryf ongesond word. Die meeste van die kleinhandelaars het verder onvoldoende finansiële draagkrag om die moeilikhede van die tyd wat aan 'n tydelike stilte in die handel verbonde is, te oorkom. Op grond van dié oorweging word dit verwag dat die aantal handelsinsolvensies gedurende die eersvolgende twee maande nog belangryk sal toeneem, omdat daar gedurende dié tydperk 'n groot stilte in die handel verwag word."

OEFENING 120.

„Die oplettende boer sou reeds opgemerk het dat ons natuurlike weiveld nie meer dieselfde is, as wat dit gewees het in die tyd van ons voorvaders nie. Ander weer besef nie hoe ernstig hierdie agteruitgang van ons weiveld is nie, nog minder weet hulle dat, as geen stappe geneem word om dit te verhoed nie, die veld in baie gevalle onherstelbaar sal wees in die onmiddellike toekoms."

OEFENING 121.

„Die belangrikste maatskappy wat vandag in die vleishandel betrokke is ondergaan 'n reorganisasie; en die beheer daarvan is vir vyf jaar in Suid-Afrika verseker. Wat na die tyd gaan gebeur is baie moeilik om te voorspel. As die feit in aanmerking geneem word dat pogings herhaalde male aangewend is om die beheer daarvan oor te maak aan een van die grootste vleistruste van die wêreld, is dit van belang dat die boerekoöperasies wanneer hulle gestig word, ook rekening hou met die behoud van die beheer in Suid-Afrika. Wanneer daardie tyd aanbreek, moet hulle so sterk georganiseer wees, dat hulle feitelik kan eis dat die

beheer in Suid-Afrika bly, of dat hulle anders in staat is om desnoods die beherende aandeel daarin self te koop en sodoende die bedryf vir ons te behou."

OEFENING 122.

„Daar is op gewys dat fabrikante misbruik maak van die vakleerlinge deur hulle te laat spesialiseer in sekere werke. Die fabrikante behoort die vakleerlinge 'n algemene kursus te laat volg, en dit aan die leerling self oor te laat om in een of ander tak van die vak te spesialiseer, maar eers na hy die proeftydperk deurgemaak het. Massaproduksie het nog geen groot houvas in Suid-Afrika nie, maar in Europa en Amerika beheer dit feitlik die lewe van die werkers."

OEFENING 123.

„Die lewe van 'n volk is so intiem verbonde met sy landbou dat dit van die grootste belang is dat die werk van die landbouamptenare gereël moet word volgens 'n duidelike omskrewe gedragslyn. Sonder so 'n gedragslyn bestaan daar gevaar dat kragte verbrokkel word op onnodige en onbelangrike werksaamhede waardeur die boere nie die voordele kan geniet wat hulle met reg kan eis nie, veral in verband met navorsingswerk."

OEFENING 124.

Turkse tabak word vandag op uitgebreide skaal in die Westelike Kaapprovinsie verbou en lewer uitstekende winste aan die boer wat 'n goeie kwaliteit tabak produseer. Om 'n artiekel van hoë waarde te produseer vereis egter kennis van saadbeddings, gronde geskik vir tabak, voorbereiding van gronde, uitplant, bewerking, oes, droogmaak, gradering en baling.

OEFENING 125.

„Rusland is by uitstek die land vir proefnemings, geweldige, waaghalsige proefnemings, waaraan die hele volk deelneem en waarby alles op die spel geset word. Niks wat was, is goed nie. Alles moet nuut wees. Die oue, die gewone, die slegte het vir altyd verdwyn as gevolg van die Rewolusie. Die volk moet sy krag put, nie uit die donker verlede nie, maar uit sy onwrikbare vertroue in die heldere toekoms. As grondslag dien nie ondervinding nie, maar geloof, nuwe gedagtes, nuwe vorme, nuwe weë. En die verstomde, verstokte wêreld staan daarby om af te keur en te leer."

OEFENING 126.

„Dit is alleen deur opleiding dat 'n handelaar instaat gestel word om 'n breë kyk op die handel te kry. Die man wat nie gereed is om homself op te lei nie, en wat, toe hy die skool verlaat het, in die handel as leerling gekom het, kan nooit die toppunt van sy beroep bereik nie. Die manne, wat dit wil bereik en wat van onderaf opklim, is manne wat nie alleen met die praktiese kennis te vrede is nie; hulle het ook soveel as moontlik gelees en hulself op die hoogte gebring van wat daar in die wêreld aangaan. Hulle het vertroud geraak met die ekonomiese teorie, met die geskiedenis en met die regwetenskap."

OEFENING 127.

„Daar is 'n element van gevaar in die betaal van fooie as lede belangeloos en onaktief word. Hierdie gevaar is onder sodanige omstandighede waarskynlik groter wanneer 'n hoë fooi betaal moet word. Die rede daarvoor is, dat die lid voel dat hy sy plig gedoen het, en dat dit die plig is van die wat die geld ontvang om hom op een of ander wyse te vergoed. Hy vergeet dat dit op hom rus om te beslis op watter manier die geld bestee moet word. As 'n boer aansluit by 'n koöperatiewe vereniging, moet hy onthou

om so 'n vereniging te ondersteun, of so nie, loop die vereniging gevaar om te misluk. Hy word verwag sy plig te doen. As boere nie hulle produkte deur 'n georganiseerde vereniging verkoop nie kan so 'n vereniging nie bestaan nie. Daar is slegs een manier waardeur hy in daardie opsig van sy verantwoordelikheid kan ontslae raak.

Dit sal meen dat een of ander reël vasgestel moet word, wat hom sal verplig om 'n seker som vir al sy graan en ander produkte, wat hy op 'n ander manier van die hand gesit het, in die kas te stort. Hierdie stelsel het veel daartoe bygedra om billike pryse in seker plekke te handhaaf, en het gemaak dat die koöperasie, wat die billike pryse teweeggebring het, 'n goeie bestaan maak. Tot hede het ons koöperatiewe organisasies hulle gevestig op die platteland en is slegs van 'n plaaslike aard. Hulle is sonder 'n sterk sentrale liggaam, met genoeg fondse om hulle belange op marke en in howe te verdedig. As hulle plaaslike sukses wil behaal dan moet hulle na hulle eie belange kyk, en gelykertyd lede toestaan om gebruik te maak van geskikte geleenthede om hulle produkte van die hand te sit."

OEFENING 128.

„ In die begin het daar baie moeilikhede met die vrugteuitvoer gepaard gegaan, vereers omdat die skepe nog nie voorsien was van die beste stoorplek nie, en verder dat die kwekers nog nie die regte kennis en ondervinding in hul pluk en verpakking had nie.

Die uitvoer-kwessie was tot op twee jaar terug nog baie ongereeld en deurmekaar. Ons dink hier b.v. terug hoe daar 'n twee jaar gelede 30,000 kissies lemoenvrugte opgehoop gelê het in die Kaapse dokke en natuurlik baie sleg geword het. Elke ramp het miskien ook 'n goeie sy, en so ook hier—boere koöpereer baie moeilik tensy hulle tot wanhoop gedrywe word. As gevolg van hierdie ramp het daar 'n kragdadige organisasie onder die kwekers in die lewe gekom, met die resultaat dat die Vrugtekwekers Beurs

van Suid-Afrika, Beperk opgerig was. Hierdie liggaam reël alle besendings met die skepe, en verder behartig hy die belange van die kwekers en kan dinge deursit waar die indiwiduële boer dit nooit sal kan doen nie. Sien hier 'n magtige krag in die hande van die kwekers om die regte gebruik van te maak.

Reeds in die begin van die vrugte-uitvoerperiode is daar 'n liggaam in die lewe geroep, n.l. die "Cape Fruit Growers' Association," wat teen die einde van 1892 opgerig was, om die belange van die kwekers, veral in verband met uitvoer, te behartig. Destyds en in daaropvolgende jare is baie ru met die vrugte op die spoorweë gewerk, en hierdie assosiasie het vir verbetering gesorg."

OEFENING 129.

„Die koopprys is betaalbaar in 'n seker aantal gelyke paaiemente; dadelik na die sluiting van die kontrak kry die koper die goed, en kan hy dit gaan gebruik; die verkoper bly egter eienaar, en die koper word dit eers as die laaste paaiement betaal is. By wanbetaling mag die verkoper die kontrak vernietig, die goed terug neem en die reeds betaalde geld behou; om die verbeurte te regverdig teenoor die koper word tewens bepaal dat die gestorte paaiemente beskou sal word as vergoeding vir die gebruik van die goed tot die som ten volle afbetaal is.

Aan hierdie laaste bepaling ontleen die kontrak sy naam.

Die kontrak was in die ou tyd onbekend. Dis 'n skepping van die moderne tyd om kopers, wat gereeld lone trek tegemoet te kom.

Op die weg van ons howe het dit gelê om hierdie nuwe instelling sy plek aan te wys in ons bestaande stelsel. Hulle het dit, met 'n loflike uitsondering van die Transvaalse Hof in 1923, op die wyse gedoen dat hulle die kontrak erken het net soos hy daar staan. Die groot

beswaar teen die kontrak is die onvoorwaardelike verbeurdverklaring van die paaiemente by wanbetaling van een daarvan."

OEFENING 130.

„By die indiening van die ontwerp op landboukrediet het die Minister gesê dat die wet voorsiening maak vir kort termyn-lenings wat die boer in staat sal stel om sy besigheid van jaar tot jaar te finansieer. In die verlede is die lenings grotendeels deur die winkelier verskaf, dog dit was in baie gevalle 'n nadelige stelsel vir die boer. Die fasiliteite wat die banke verskaf was nie presies wat die boer nodig het nie, omdat die voorskotte dikwels op 'n ongeleë tyd terugbetaal moet word. Hy betoog dat die beoogde stelsel 'n groot stap in die regte rigting sal wees. Die leningskringe sal mettertyd al hoe kleiner word, maar aanvanklik bestaan die plan om maar net een of twee leningsverenigings in elke provinsie op te rig. Hierdie maatskappye sal feitlik takke van die Landbank wees met direkteure wat self boere is, doch die plaaslike direkteure sal in elke geval gesteun word deur 'n ervare amptenaar van die Landbank. Die kredietverenigings sal nagenoeg van dieselfde aard wees as koöperatiewe verenigings, en die lede sal gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik wees vir die skulde van hul vereniging. Voorskotte mag nie gebruik word om ou skulde af te betaal nie. Die boer sal sy bewys na die vereniging neem wat dit sal inwissel by die leningsmaatskappy, en kom daar 'n tyd dat laasgenoemde nie meer geld het nie, sal die Landbank hom te hulp kom, maar die hoop word gekoester dat die maatskappy langsamerhand genoeg kapitaal sal versamel om 'n bank te ontwikkel."

OEFENING 131.

„Aan die jongste verslag van die Uniale Handelskommissaris in die Verenigde State van Amerika word die volgende opmerkings ontleen aangaande die handel aldaar in Suidafrikaanse onedele metale en minerale. Hy sê in die

loop van sy verslag: „Ek het bevind, na 'n onderhoud met verteenwoordigers van die vooraanstaande kopers en handelaars, dat hul begerig is om voorrade uit die Unie te verkry, en dat hulle in sommige gevalle met Suidafrikaanse leweransiers gehandel het, maar telkens hoor ek weer klagtes dat hul nie kan vertrou op die uitvoering van bestellings nie; dat leweransiers en uitvoerders in baie gevalle in gebreke bly om kontrakte na te kom; dat goedere baie keer nie van dieselfde gehalte as die monster is nie, of soos gewaarborg nie; dat aflewerings nie op die ooreengekome datum plaasvind nie, en dat onvoldoende aflewering plaasvind. Ek wens dit heeltemal duidelik te maak dat ek nie net gerugte of sweerantwoordelike aantygings herhaal nie. Dis nie alleen dat dieselfde klagtes van verskillende kante tot my kom nie, maar in elke geval het hul gekom van goedbekende, agtenswaardige firmas. Bowedien het ek in sommige gevalle bewysstukke gesien om hierdie aantygings te staaf. In een geval het 'n Transvaalse leweransier rondweg beken dat hy sy voorraad aan 'n ander koper gelewer het (nadat hy sy transaksie deur middel van 'n kabelgram bevestig had) aangesien hy 'n beter aanbod van elders gekry het. Ondertussen het die koper alreeds 'n kontrak aangegaan om hierdie bestelling aan 'n fabrikant te verkoop."

OEFENING 132.

Die verslag van die Ekonomiese Rykskommissie wat onlangs ondersoek ingestel het in verband met die bemarking van vrugte uit die verskillende dele van die Ryk in die Verenigde Koninkryk, bevat 'n belangwekkende beskrywing van die huidige bemarkingstelsel van vrugte. In verband met die organisasie van sodanige bemarking word aangetoon dat die Rykspodusent veral te doen het met die gevestigde posiesie van die Amerikaanse produsent, want die ekonomiese wet, dat aan die wat het, gegee sal word, is baie magtig. Maar bowedien kry die Rykspodusent ook nog te doen met die feit dat daar van tyd tot tyd 'n skielike vermeerdering in die uitvoer van vrugte uit die Verenigde

State kom as gevolg van oorproduksie en oorvoer van die plaaslike mark. Daarom verklaar die verslag dat organisasie en versigtigheid van die kant van die Ryksprodusent gebiedend noodsaaklik is, indien die Ryksprodusent onder die huidige omstandighede sy posiesie wil behou. Die huidige bemarkingstelsel word breedvoerig beskryf alvorens 'n konstruktiewe organisasiestelsel, wat in die lewe behoort geroep te word, omlyn word. Onder normale omstandighede word die vrugte deur die produsent afsonderlik of gesamentlik met ander produsente na 'n makelaar, agent of kommissiekoopman in een van die vernaamste stede aan die kus gestuur. Die produsent kies of hy sy produkte na Londen, Southampton, Manchester, Liverpool, Glasgow of Hull wil stuur. Die eerste verkopings vind gewoonlik plaas aan die hawes waar die makelaars, e.a. hul hoofkantore het, en waar hul die vrugte in ontvangs neem sodra dit op die kaai uit die skeepsruimte ontskeep word.

OEFENING 133.

Dis gebruiklik om aan die einde van hierdie jaarlikse oorsig enkele algemene beskouings te wy aan ons algemene vooruitsigte; en hierdie jaar wou ek slegs sê dat, met die oog op die groot natuurlike rykdom van Suid-Afrika, en wanneer die voorneme aanwesig is by sy bewoners om dit te ontwikkel langs gesonde lyne, behoort vir die toekoms niks te vrese te wees nie. Voorspoed—daarvan hou ek my oortuig—lê op die weg van die land as ons slegs sodanig kan organiseer om dit te verdien; en daar bestaan geen rede om daaraan te twyfel, dat die Bank aan daardie voorspoed sy aandeel sal hê nie. Op die oomblik is dit miskien 'n bietjie moeilik om ons onmiddellike handelsvooruitsigte te voorsien, en wel tengevolge van die algemene dislokasie wat deur die wêreldworsteling teweeggebring word. Die toestande is oorsaak gewees sedert enige tyd van die voorspoed van ons handelaars; maar ek dink die meeste van hulle het ingesien dat die tye buitengewoon is, en is voorbereid op 'n reaksie waarvan die gevolge ongetwyfeld redelikerwys reeds verdiskonteer word. Dit was nie my voor-

neme om in die bestek van hierdie opmerkings melding te maak van die belasting nie, waarvan die las groter is as tevore in die land gevoel word. En wanneer ek dit dan doen, dan is dit nie om daaroor te kla nie, maar 'n beskouing van die oorlogs-belasting uit ekonomiese standpunt is hier miskien nie misplaas nie. As oorlogs-maatreël is die belasting ongetwyfeld redelik genoeg, maar ek hoop dat dit nie langer sal volgehou word nie as wat die behoefte, wat daarvan die oorsaak was, duur. In gewone tye sou dit 'n heeltemal ongesonde maatreël wees. Dit ontmoedig nl. belegging van die vrugte van ondernemingsgees in nuwe ondernemings, en het die neiging om oortollige wins in kanale in te lei wat nie meewerk tot 'n herskepping van die rykdom nie.

Soos u uit die persverslae gesien sal hê, word hierdie feite erken deur die Rykskanselier te Westminster, wat by 'n erkenning van sy afkerigheid van die belasting beloof het om dit in te trek op die vroegs moontlike oomblik. Ek twyfel daar nie aan nie of ons Regering is eweëens heeltemal bewus van die nadele, en is voornemens om dit te herroep sodra omstandighede dit toelaat.

Oefening 134.

In verband met kapitaal en arbeid moet ons weer daarop wys hoe kapitaal en arbeid onderling afhanklik is —hoe 'n korrelasie daar tussen hulle bestaan, want ook hier is dit nodig dat die boer om nie skade te ly nie en om die beste voordeel uit sy hoog-ontwikkelde dier (en plant) te behaal, dit nie alleen 'n „opregte" behandeling sal gee nie, maar dit sal toevertrou aan die sorg van die beste arbeid verkrybaar. Hierdie hoog-ontwikkelde vorms van kapitaal is besonder vatbaar vir deteriorasie of agteruitgang. Elke boer weet dat die waarde van kosbare diere deur slegte behandeling gou benadeel kan word en dat masjienerie deur agtelosigheid gou verwaarloos en verniel.

In konklusie dus, leer hierdie bespreking ons dat die boer nie te versigtig kan wees in die keuse van die besondere vorms van kapitaal wat hy wil aanskaf nie. Nie alleen

moet hy 'n noukeurige studie maak van die besonder omstandighede waaronder hy woon en werk, opdat hy instaat sal wees die regte vorms uit te kies nie en die juiste verhouding (dus die hoeveelheid van elk) waarin hy hulle moet verbind nie, hy moet ook veral sorg dra dat hy hulle kwaliteit noukeurig ondersoek alvorens tot aankoop te besluit.

OEFENING 135.

In die eerste plek het die Minister enige wysiginge in die inkomstebelasting aangekondig. In die geval van maatskappye vir die ontginning van diamant- en goud-myne word dit nou voorgestel om die bestaande belasting van 3s. in die £ te konsolideer. Lewensversekerings-maatskappye sal 'n normale belasting van 1s. 6d. in die £ betaal en die normale belasting vir alle ander maatskapye sal wees 2s. 6d. in die £. Onder alle ander maatskappye word ook ingesluit privaat maatskappye. Daar het nooit enige grondige redes bestaan waarom daar 'n verskil gemaak word tussen groot en klein maatskappye nie. Indien die bedoeling was om die las ligter te maak vir klein maatskappye, dan is daar nooit mee rekening gehou nie dat 'n ryk man 'n aandeelhouer kan wees in 'n maatskappy met 'n klein kapitaal. Die enigste manier om met maatskappye te handel is om elkeen as 'n selfstandige eenheid te beskou. Enige poging om te wil onderskei of aandeelhouers ryk mense of andersins is, sou lei tot teenstrydighede. Dat daar 'n onderskeid gemaak is in die belastingdruk, wat deur groot en klein maatskappye moes gedra word, het aanleiding daartoe gegee dat baie maatskappe in die lewe geroep is op 'n manier wat die ontduiking van belasting beoog het. Die invoering van 'n gekonsolideerde belasting word bedoel om elke maatskappy sy regmatige aandeel in die belasting te laat dra.

In die geval van lewensversekerings-maatskappye word daar veral sorg voor gedra om geen swaarder belasting op hulle te lê nie, maar onder die nuwe voorstelle sal hulle ongeveer net soveel betaal as voorheen.

OEFENING 136.

Op die meeste van ons dorpe is dit soveel as wat die bestuur van die landbougenootskap kan doen om een welgeslaagde algemene tentoonstelling te hou. Dit word onmoontlik bevind om gedurende dieselfde jaar 'n spesiale tentoonstelling ook nog met enige mate van sukses te hou. Dat dit te veel is vir die gewone dorp se landbougenootskap om 'n algemene sowel as 'n spesiale tentoonstelling gedurende die loop van een jaar te hou, blyk veral in hierdie tyd. Oor die hele land heers daar 'n drukkende droogte en nou kom die moeilikhede, wat aan die hou van twee tentoonstellings gedurende die jaar verbonde is, mooi op die voorgrond.

Dit word ook bevind dat dit beter sal wees vir twee of meer naburige dorpe om saam te span en een welgeslaagde tentoonstelling te hou in die plek van twee afsonderlike, kleiner en minderwaardige tentoonstellings. Hierdie plan kan beter uitgevoer word in die Westelike Provinsie, waar die afstande tussen die dorpe nie so groot is nie en waar die paaie soveel mooier is.

Dit blyk egter dat daar 'n sterk neiging bestaan om op die heel klein dorpies in die noordelike dele van die Unie ook selfstandige tentoonstellings te hou. Hierdie ondernemings is in die verlede nog altyd tot mislukking gedoem gewees. Op baie plekke is daar 'n eerste tentoonstelling gehou, maar daar is selde of ooit nog 'n poging aangewend om 'n twede te hou. Dit is dus duidelik dat dit die voordeligste sal wees vir boere in aangrensende distrikte om saam te werk en alle kragte in te span om een gesamentlike en welgeslaagde tentoonstelling te hou, dan om 'n hele boel teleurstellende en afsonderlike tentoonstellings te wil organiseer.

OEFENING 137.

Die belangrikste is natuurlik die Landbou-krediet-Wet. Dit is iets wat reeds lank agterstallig is in die ekonomiese bou van ons land en een wat ander lande, wat vir dieselfde probleem staan, lankal op hulle wetboeke

het. Dit word algemeen erken dat daar 'n dringende behoefte bestaan aan 'n kredietstelsel om voorsiening te maak vir lenings op kort termyn wat die boer in die geleentheid stel om te saai, te oes, en sy produkte op die mees voordelige manier op die mark te bring. Die hele doel van hierdie nuwe wet is om 'n stelsel te ontwikkel om daardie spesiale soort krediet aan boere te verskaf. Aangesien die voorspoed van die boer 'n noodsaaklike faktor is vir die voorspoed van die hele maatskappy, gaan die voordele van hierdie saak baie verder as net enkel 'n hulp vir die boer.

In die behoeftes van ons boere vir krediet op lang termyn word voorsien deur die bestaande Landbank, wat lenings op baie redelike terme verskaf. Maar dié soort van lenings is egter uitsluitlik beskikbaar vir boere wat goeie sekuriteit in die vorm van eerste verbande op vaste eiendom kan gee. Weëns gebrek aan geriewe vir krediet op kort termyn sonder die passeer van verbande, ens., moes boere hulle in die verlede bedien van die geriewe wat gegee is deur winkeliers en deur die gewone handelsbanke, maar dit was gewoonlik onbevredigend en dikwels nadelig vir die boer. Hierdie soort krediet-verlening skiet naamlik hierin kort dat die boere dikwels hulle verpligtings moet nakom op 'n baie ongeleë tyd; miskien het die skuld verval net voordat 'n boer sy oeste ingesamel of sy wol geskeer het.

Waar hierdie wet ook voorsiening maak vir die koopgeldigheid van pakhuis- en graansuierkwitansies, gaan dit van baie hulp en nut wees. 'n Groot waarde van die wet lê nog hierin dat dit boere aanmoedig om te koöpereer en hulle so self te help, en ook hierin dat boere beter in staat sal wees om hulle produkte op die beste tyd te verkoop en nie somar uit nood enige prys hoef aan te neem nie.

OEFENING 138.

In normale tye kon hulle veilig en met wins laasgenoemde gedragslyn gevolg het, maar onder bestaande omstandighede het hulle dit in die belang van die aandeelhouers en van kliënte van die maatskappy beskou om nie

daardie geld te belê nie, maar inteendeel om die lopende skuld te verminder en dus die posiesie van die maatskappy te versterk. Dit had tot onvermydelike gevolg die bespreking en verdienste van die maatskappy.

Soos die tye nou is, is daar 'n groot aanvraag by die publiek vir geldelike ondersteuning, en as 'n maatskappy nie in staat is om die ondersteuning te gee nie, kan dit min algemene agentskap-besigheid, wat 'n groot deel van ons maatskappy uitmaak, verrig.

In die wins- en verliesrekening sal u bemerk, dat die uitgawes ten opsigte van eise deur die maatskappy uitbetaal gestyg het bo die van verlede jaar, en dat die herversekerings en kommissie ook aansienlik vermeerder het. In verband daarmee moet dit onthou word dat die assuransiebesigheid van enige gesonde maatskappy altyd vermeerder, en gevolglik sal die koste waarna ek refereer jaarliks vermeerder. Ek kan met genoeë meld dat die assuransieafdeling van u maatskappy 'n netto vermeerdering van 50 persent aantoon op die syfers van laaste jaar, wat ek van die uiterste belang beskou, wanneer ons in ag neem die sterke konkurensie van ou bestaande en ryk buitelandse maatskappye, waarmee u jong maatskappy te kampe het.

Om die gesondheid van die besigheid wat 'n assuransie-maatskappy verrig, te toets, moet ons die eise teen die maatskappy ingedien vergelyk met die premies gedurende dieselfde tydperk ontvang, en ek is in staat om u te verseker dat die persentasie, wat deur u maatskappy ten opsigte van eise uitbetaal is, ruim binne die persentasie val, wat in verband met gesonde assuransie-besigheid voorgeskryf word. Dit is toe te skrywe in groot mate aan die klas van riesiko wat op die boeke van u maatskappy staan. Daar kom in ons boeke maar min van die gevaarlike klas van besigheid voor, wat gewoonlik in stede gevind word, en ons het 'n groot aandeel van die veilige klas besigheid soos woonhuise, skole en plaasgeboue.

Die ander poste van die uitgawes is onder verskillende hoofde aangegee, soos ons by die laaste jaarvergadering gevra is om te doen. Die uitgawes skyn miskien 'n bietjie

hoog, maar in aanmerking moet geneem word dat dit al die uitgawes op die hoofkantoor insluit met die groot staf, wat nodig is om die brand-, ongevalle- en trustwerk van die maatskappy in die hele Unie te verrig, benewens die plaaslike adviserende raad, bestuurders, lede van die staf en onkoste van die verskillende takke en agentskappe van die maatskappy.

OEFENING 139.

Die alleenstaande boer verkoop in die kleinmaat en verkoop ongegradeerde goed, en kry die laagste prys. Die boer, daarenteen, wat lid is van die koöperatiewe vereniging, verkoop in die grootmaat en, as sake goed gereël is, verkoop ook 'n gegradeerde artiekel en kry vir elke onderdeel van sy produkte die beste prys. Die alleenstaande boer verkoop al sy goed op één en dieselfe tyd. Die boer wat lid is van 'n koöperatiewe vereniging kan sy goed geleidelik op die mark stoot; hy kan opstoor en later voordeel trek van 'n toename in die prys van sy produk; die ander kan nie!

Maar die fout wat deur koöperatiewe entoesiaste te veel gemaak word is dat hulle net van die winste van die middelman praat en die boere wat hulle toespreek net op die diwidente wys—of in elk geval hulle die indruk van diwidente gee. En die gevolg? Die boer vra somar binne die eerste jaar sy diwident! Hy word somar warm en wil weet wat dan nou van daardie groot winste van die middelman geword het. Wat ons die boer op moet wys is dat koöperasie se winste meer indirek as direk is; dat dit die produseer van 'n beter produk in die hand werk, dat dit help om 'n beter mark te verkry, ens.

Maar ons moet ook op hierdie feit wys, dat die individuele middelman al die riesiko gedra het en gevolglik as daar winste was, al die winste ge-in het, maar as daar verliese was, al die verliese gely het. Ons moet nie net wys op die suksesvolle en ryk middelmanne nie, ons moet ook wys op die wat bankrot speel, hoewel die eerste die laaste stellig sal oortref.

En dan, as die boer dit goed verstaan, dan moet ons hom daarop wys dat 'n nuwe besigheid eers 'n jaar nodig het om op been te kom om winste te lewer, dat ons nou die riesiko oor baie indiwidu's gaan verdeel, en gevolglik ook die winste, as daar winste is, en die verliese, as daar verliese is. En dan uiteindelik kan ons hom op hierdie groot voordeel wys—in die geval van 'n baie groot verlies gaan die indiwiduele middelman ten onder, terwyl die lede van 'n koöperatiewe vereniging deur die gesamentlike mag wat hulle uitoefen nie alleen die middelman, wat in hulle diens is van ondergang kan red nie, maar ook hulle vereniging en hulself.

OEFENING 140.

Volgens ons opvatting is 'n regverdige belasting 'n sodanige wat op elke burger druk al na sy vermoë om te kan betaal; die manier waarop die belasting moet gehef word, moet vas omskrewe wees en dit moet nie willekeurig kan verander word nie, en wat nog meer tel, elke burger moet in werklikheid sy regmatige aandeel in die belastings betaal en die een moet nie sy aandeel in die belasting kan verskuif op die skouers van 'n ander nie.

Deur die ontwikkeling van ons beskawing het ons nou al so ver gevorder dat ons insien dat sekere dienste instand moet gehou word, maar ons het nog nie so ver gevorder dat ons vrywillig tot die instandhouding wil bydra nie, en daarom moet ons deur die owerheid gedwing word om ons bydraes te maak en dit wel namate ons kan betaal. Dit het ons naderhand gebring op die idee van die inkomstebelasting wat berus op die progressiewe metode van belastingvasstelling. Dit wil net sê dat ons nou op die opvatting neergekom het dat elke man 'n sekere bedrag nodig het om hom gedurende die jaar aan die lewe te hou en hierdie bedrag sal nie belas word nie. Alles bokant hierdie bedrag is belasbaar en hoe hoër 'n persoon se inkomste bokant hierdie vrygestelde bedrag te staan kom, hoe hoër word die persentasie van belasting wat daarop betaalbaar is. Hierdie beginsel berus op die teorie dat

hoe meer 'n mens van 'n seker ding het, hoe geringer word die waarde daarvan vir die eienaar.

Die inkomstebelasting is die regverdigste direkte belasting wat nog ooit in werking gestel is. Daardeur word aan elke man 'n bedrag van belasting vrygestel waarop hy fatsoenlik kan leef; daar word 'n toelating vir sy kinders gemaak; daar word voorsiening gemaak dat alle noodwendige uitgawes, wat verbonde is aan die uitoefening van 'n bedryf, vrygestel sal word; en meer dan alles, daar word gesorg dat die ryk man prosentueel meer belasting sal betaal dan sy medeburger wat minder ryklik met aardse besittinge bedeel is.

OEFENING 141.

Ten eerste sal vee alleen ingevoer word indien voldoen word aan die veeartsenykundige regulasies in werking in die Unie. Ten twede sal geen vleis, buiten beesvleis, in die Unie ingevoer word tensy dit vergesel word van 'n sertifikaat uitgereik deur 'n staatsamptenaar dat die vleis kom van gesonde vee. In die derde plek moet alle vee, onmiddellik voor hulle die Unie inkom, ondersoek word deur amptenare van die land vanwaar die vee kom. Dan moet alle ingevoerde diere in goeie kondiesie wees en moet lewendig nie minder as 800 pond weeg nie, en volgens skatting moet hulle nie minder as 400 pond vleis gee nadat hulle geslag en bewerk is nie. Ten vyfde is dit verbode om hulle vir slagdoeleindes in te voer. Ten laaste kan vee, nieteenstaande die voorgaande regulasies, tog na erkende plekke in die Unie gestuur word onder voorwaarde dat die vee, of die vleis van die vee, bedoel is vir uitvoer, en dat waarborg gegee word dat vleis van die ingevoerde diere nie bestem is vir verbruik in die Unie nie.

Hierdie regulasies het ten doel om te verseker dat alleen gesonde vee in ons land sal binnekom, en die gevaar dat besmetlike veesiektes van buite sal ingevoer word, word dus aansienlik verminder. Buitendien word die invoer van vee so bemoeilik, dat groot aantalle slagvee nie maklik ons land kan instroom nie. Dus het ons eie beesboere 'n groot

voorkeur. Dit geld alleen vir vee wat slegs oor die Unie se grondgebied kom om 'n behoorlike uitvoerhawe te bereik, of om plekke te bereik waar vleisfabrieke gevestig is. Die veemark vir ons eie gebruik word aan ons eie beesboere gewaarborg, want geen slagvee word in die Unie toegelaat nie om geslag te word vir gebruik in ons land. Ons beesboere sal dus nie meer te kampe hê met konkurensie van buite ons landpale nie.

Buitendien bestaan daar 'n plan om 'n vleisfabriek in Messina op te rig. In verband hiermee word beweer dat dit nou vrywel seker is dat daar binnekort 'n begin sal gemaak word met die bou van die fabriek. Die reëlings aangaande die invoer van vee sal die besigheid nie baie hinder nie omdat daar waarskynlik genoeg slagvee in die Unie gekry kan word om in die behoefte van die fabriek te voorsien. Ingeval die Unie nie genoeg vee kan lewer nie, is die regulasies nie so erg dat alle vee daardeur uitgehou word nie. Indien vee nodig is om vir uitvoer bewerk te word, kan dit nog gemaklik die land inkom.

OEFENING 142.

Mnr. Blackwell vra die Minister van Justiesie:

(*a*) Of hy reg gerapporteer is dat hy op Maitland gesê het dat die groot bank-besighede in Suid-Afrika die jeug van die land as te onverantwoordelik beskou om die werk van hulle vereis te doen, en hulle amptenare van oorsee invoer, 'n eerbare uitsondering synde die Nederlandse Bank;

(*b*) op watter gesag die verklaring gedoen is;

(*c*) of hy intussen uitgevind het dat gedurende die afgelope vyf jaar die Standaard Bank slegs 18 manne van oorsee ingevoer het, terwyl hy 1,145 Suid-Afrikaners in diens geneem het;

(*d*) of hy voor of sedert sy toespraak uitgevind het watter gedeelte van die amptenare van die Nederlandse Bank Suid-Afrikaners van geboorte is; en

(*e*) of indien hy nie bereid is om sy verklaring te staaf nie, hy dit sal terugtrek.

Die Minister van Justiesie antwoord:

(*a*) Ek het in Maitland gesê dat die verklaring gemaak was namens die banke dat hulle genoodsaak was om klerke in te voer omrede dat die Suid-Afrikaanse jeug onverantwoordelik is, en dat die Nederlandse Bank verklaar het dat hy daardie bewering nie ondersteun nie.

Met betrekking tot hierdie punt het ek verklaar dat oordelende na my ondervinding daar niks besonder moeiliks in die werk, wat deur die banke gedoen word, is nie, en dat dit belaglik is om te sê dat Suid-Afrikaanse jong manne ongeskik is om bankklerke te wees.

(*b*) Persberigte.

(*c*) Ja. Ook persberigte. Ek kan toevoeg dat 'n gelykluidende verklaring nog nie gedoen is deur Barclays Bank nie, en dat dit ook nou nie gesê word wat die toekomstige gedragslyn van hierdie bank sal wees nie.

(*d*) Nee.

(*e*) Nee.

HOOFSTUK IX.

OEFENING 143.

Gebruik die volgende in sinne:—

1. Dokumente teen betaling.
2. 'n Groot afsetgebied.
3. Wedersydse ooreenkoms.
4. Eksemplaar.
5. Herlewing.
6. Aanwysings.
7. Distribueerder.
8. Grondstowwe.
9. Verslapping.
10. Dokumente teen akseptasie.

OEFENING 144.

Gee sinonieme:—

1. Konkurensie.
2. Afsetgebied.
3. Prysopgawe.
4. Doeltreffende dienste.
5. Bestelling.
6. Betrekkings.
7. Uitbreiding.
8. Mislukking.
9. Adviseer.
10. Getjarterde.

OEFENING 145.

Gee die teenoorgestelde van die kursiefgedrukte:—

1. 'n *Nadelige* invloed.
2. 'n *Vertraagde* inskeping.
3. *Buitelands.*
4. *Van krag bly.*
5. *Sake bevorder.*

6. *Vaste goedere.*
7. *Iets uit die hand verkoop.*
8. *Takkantoor.*
9. *Binnekort.*
10. *Slapte.*

OEFENING 146.

Verklaar die volgende:—

1. Kontramonster.
2. Die mark ondersoek.
3. Kommissie.
4. Opsie.
5. 'n Slapte heers op die geldmark.
6. Lewende hawe.
7. Hoofkenmerk.
8. V.O.S.
9. K.O.A.
10. K.M.B.

OEFENING 147.

Adverteer—"Suidafrikaanse Lemoene" in die vorm van 'n aanplakbiljet.

OEFENING 148.

Verklaar die volgende en gebruik in sinne:—

1. Limiet.
2. Vertraagde aflewering.
3. Maandelikse partye.
4. Op toekomstige aflewering.
5. Akseptasie af te wag.
6. Afleweringskondiesies.
7. Lopende pryse.
8. Besending in Maart.
9. Monsterbale.
10. Staking.

OEFENING 149.

Gee die teenoorgestelde van die kursiefgedrukte woorde:—

1. *Sluitingspryse.*
2. Verder *daling.*
3. *Skerp mededinging.*
4. Pryse bly *ferm.*
5. Pryse *styg.*
6. *Nominale waarde.*
7. Mark is *stil.*
8. *Minderwaardig.*
9. *Aflewering.*
10. *Vaste* offerte.

OEFENING 150.

Verklaar die volgende:—

1. Bedryfskoste.
2. Bedryfskapitaal.
3. Klandiesie opbou.
4. Klandiesie aanwerf.
5. 'n Mooi patroon.
6. 'n Mooi ontwerp.
7. Relasies aanknoop.
8. 'n Rekening aansuiwer.
9. Klandiesiewaarde.
10. Ontginningskoste.

OEFENING 151.

Voltooi die volgende met teenoorgesteldes:—

1. *Teoretiese kennis* is die teenoorgestelde van *praktiese ervaring.*
2. 'n Grondige opleiding is die teenoorgestelde van .....
3. 'n Aangesuiwerde rekening is die teenoorgestelde van .....
4. Vaste klandiesie is die teenoorgestelde van .....
5. Kontante betalings is die teenoorgestelde van .....

6. Aantreklike uitstalling van die nuutste modes is die teenoorgestelde van .....
7. Wisselvallige besigheid is die teenoorgestelde van .....
8. Degelike sakekennis is die teenoorgestelde van ...

OEFENING 152.

Verklaar die volgende en gebruik in flinke sinne:—

1. Om voorwaardes te wysig.
2. Garansie.
3. Alleen-verteenwoordiger.
4. 'n Onderhandeling afbreek.
5. 'n Kontrak verleng.
6. 'n Kontrakbreuk.
7. 'n Strafklousule.
8. Onderhandelaars.
9. Arbitrasie.
10. Rabat.

OEFENING 153.

Vul aan:—

1. Die onderhandelings loop op niks uit nie, omdat .....
2. Hulle sal die voorwaardes van die kontrak naleef, ofskoon .....
3. Deur 'n verkeerde uitleg daaraan te gee is die gevolg, dat .....
4. Die kontrakterende partye het die kontrak verleng, daar .....
5. Hulle het die onderhandelings afgebreek, nieteenstaande .....
6. Die Heer S. is bereid om die alleen-verteenwoordiger van die firma K. te wees, mits .....

HOOFSTUK X.

VANDIESIES.

Woordelys:—

To sell privately	Uit die hand verkoop; onderhands verkoop.
the sale will not take place	die koop gaan nie deur nie.
the goods were withdrawn	die goedere is ingehou.
inspection order	permissiekaart — permissiebiljet (om 'n huis te besigtig).
to come under the hammer	onder die hamer kom.
auction-room	verkoopsaal (vandiesiesaal).
an upset price	'n insetprys (die eerste bod).
to pay a deposit	'n deposito stort.
to be forfeited	verbeurd verklaar.

MONSTERS.

Woordelys:—

Purchase samples	Koopmonsters.
a standard sample	'n standaardmonster; modelmonster.
a fair sample	'n eerlike (behoorlike) monster.
a picked sample	'n uitgesoekte monster.
a full range of samples is on view	'n volledige stel monsters lê ter besigtiging.
to send a duplicate sample	om 'n dubbele monster te stuur: om 'n monster in duplo te stuur.
to inspect samples	monsters besigtig.
to test samples	monsters ondersoek.
to retain a sample for reference	'n monster ter verwysing bewaar.
a sample copy	'n proefnommer.
samples free (of charge)	monsters gratis.

samples will be charged for at cost price	monsters sal bereken word teen inkoopprys (koopprys).
to be equal to sample to conform to sample	volgens die monster wees.
to be inferior to sample	slegter as die monster wees.

OEFENING 153a.

Beskryf die voor- en nadele van 'n vandiesie.
Watter rol speel monsters in die handel?

Woordelys:—

Customs of trade	Handelsgebruike.
port of sail	hawe van verskeping (hawe van vertrek).
shipping agent	skeepsagent.
forwarding agent	ekspediteur.
a shipment	'n verskeping; 'n besending.
date of arrival	datum van aankoms.
preliminary arrangements.	voorlopige reëlings.
administration	administrasie.
tonnage	laairuimte; tonnemaat.
responsible	verantwoordelik.
offered	aangebied.
announce	aankondig.
shipping news	skeepsberigte; skeepsnuus.
f.o.b.	v.a.b.
to ship	inskeep, verskeep, laai; aan boord neem.
custom duties	doeaneregte.
insurance of goods	versekering van goedere.
a warehouse warrant is transferable	'n pakhuislasbrief is oordraagbaar.
endorsement	onderskrywing of endossement.
favourable rates of transport	gunstige vervoer (of transport) tariewe.
documents made up by forwarding agent	bewysstukke of dokumente deur die ekspediteur opgestel.

consignment notes	vragbriewe.
bills of lading	ladingsbriewe.
customs declarations	doeaneverklarings.
insurance policies	assuransie of versekeringspolisse.
quay charges	kaaigelde.
loading charges, special rate	laaigelde—spesiale tarief.
gross weight	brutogewig.
nett weight	nettogewig.
pro forma invoice	pro forma faktuur.
warehouse	pakhuis; entrepot; magasyn.
experience of transport	ondervinding van vervoer.
tariffs	skeepstariewe.
account current	rekening-koerant; lopende rekening.
to deliver goods against payment	goedere aflewer teen betaling.
possibility	moontlikheid, kans.
preference	voorkeur.
sufficient cargo	voldoende lading.
to take place	plaasvind.
function	funksie.
inland consignor	binnelandse versender.

OEFENING 154.

DIE EKSPEDITEUR.

Ekspediteur	vasgestelde
reëlings	laairuimte
gelaai	funksie
voorkeur	binnelandse
vervoer	plaasvind
vertrek	voldoende
dra	verrig
by aankoms	besorg
moontlikheid	firma
verantwoordelik	kommissie

Vul die bostaande woorde in:—

Na die goedere per spoor ..... is na die hawe van verskeping, word hulle ..... aan die ..... of die skeepsagent, wat belas is met die inskeping daarvan. Daar hy vooraf in kennis gestel word van die datum van ..... het hy dus geleentheid om alle voorlopige ..... te tref. Daar bestaan altyd die ..... dat die besending deur die spoorwegadministrasie eers afgelewer word na die skip byna klaar ..... is.

..... word altyd gegee aan die besendings wat vroeg aankom of waarvoor die nodige ..... bespreek is. Die ekspediteur of die skeepsagent sal dan altyd om hierdie rede sorg ..... dat die inskepings, waarvoor hy ..... is, sonder feil .....

As 'n ..... lading aangebied word, vertrek die skip gewoonlik voor die ..... datum.

Die ..... van die ekspediteur is uitsluitend bepaal tot die vervoer van goedere wat deur 'n ..... versender na 'n ..... in die buiteland gestuur word. Aan die anderkant weer staan die skeepsagent, wat nie

alleen die werk van 'n ekspediteur ..... nie, maar wat ook 'n ..... trek deur as agent op te tree van verskeie stoomvaartlyne en ladings vir hulle .....

OEFENING 155.

Verklaar die volgende uitdrukkings en toon die gebruik aan in sinne:—

1. Na aanleiding van.
2. by voorbaat.
3. op staande voet.
4. industriële ontwikkeling.
5. haweloos.
6. brandpunt van nywerheid.
7. 'n paniek op die geldmark.
8. 'n lopende rekening.
9. 'n handelsherlewing.
10. 'n sorgvuldige uiteensetting.
11. verkoopsorganisasie.
12. uitdrukkingsvermoë.
13. vervaardigingswerk.
14. kaaigelde.

OEFENING 156.

Vul een van die volgende w.w. in:—

Gekrediteer	gebring
gesluit	bereken
pols	ingevul
gebruik	uitgemaak
geëndosseer	werf.
waargeneem	

1. Skommelings op die geldmark word .....
2. 'n Agent van 'n nuwe artiekel ..... altyd eers die vraag.
3. Advertensiemiddels word ..... om nuwe klandiesie te .....
4. Na 'n lang briefwisseling is die koop .....

5. Nadat die skuldenaar sy rekening vereffen het, is hy met die bedrag .....

6. 'n Faktuur word .....

7. Teen die end van die finansiële jaar word 'n balansstaat .....

8. Lasbriewe wat oordraagbaar is moet eers ..... word voordat hulle geldig is.

9. Die skeepsvrag word ..... op die kubieke inhoud van die goedere.

10. Die lading is sonder moeite aan boord .....

OEFENING 157.

Gebruik die volgende in flinke sinne:—

1. brutogewig.
2. in transito.
3. poste.
4. debietnota.
5. kredietnota.
6. skommelings.
7. 'n gespesifiseerde rekening.
8. afsetgebied.
9. grootboek.
10. kasboek.

OEFENING 158.

Skryf 'n opstel van ongeveer 35 reëls oor:

"Die bemarking van vrugte."

OEFENING 159.

Vorm byvoeglike naamwoorde van die onderstaande selfstandige naamwoorde en gebruik in kort sinne, b.v. telegraaf—ons het 'n telegrafiese berig ontvang.

industrie, rede, maand, Italië, wet, tyd, materiaal, maatskappy, simbool, horison, skrif, proporsie, sisteem, drama, energie.

OEFENING 160.

Gebruik die volgende woorde in sinne sodat die betekenis duidelik uitkom:

rojeer	kultuurgewas
akseptasie	'n inskrywingsbiljet
betalingsbalans	wisselpersoneel
deskundige	verdiskonteer
handelsbalans	obligasie
slytasie	arbitrasie
lyfrente	

OEFENING 161.

Vorm byvoeglike naamwoorde van onderstaande selfstandige naamwoorde, en gebruik in kort sinne:

b.v. adel, edelmoedig—'n edelmoedige houding.

1.	Aktuaris.	6.	konstitusie.
2.	spekulasie.	7.	dokument.
3.	reg.	8.	joernaal.
4.	handel.	9.	Keule.
5.	konsul.	10.	kondiesie.

OEFENING 162.

Vorm persoons- en saakname van die onderstaande werkwoorde:

b.v. adverteer —adverteerder—advertensie.

verdeel	onderskryf
waardeer	aksepteer
brandstig	aanneem
diskonteer	kompeteer
ruil	debiteer
ontvang	krediteer
endosseer	beredder.

OEFENING 163.

Gebruik in kort sinne gepaste selfstandige naamwoorde met onderstaande werkwoorde:

b.v. Ons het die *brief* bevestig.

aankoop	pols
diskonteer	kwiteer
sluit	neem
aansuiwer	misluk
lewer	beraam
voorskiet	instel
verklaar	ontdek
temper	noteer

OEFENING 164.

Gebruik die volgende uitdrukkings in flinke sinne:

ter selfder ure
ten spyte
ten behoewe
ter insage
ten slotte
ter hand
ten einde

OEFENING 165.

Gee die teenoorgestelde van die volgende kursiefgedrukte woorde:

1. *Passiewe* skulde.
2. *Krediet* verleen.
3. *Noukeurige* inligtings.
4. *Vrywillige* skadevergoeding.
5. 'n *Rentelose* voorskot.
6. *Oorspronklike* beraming.
7. 'n *Konsessie* verleen.
8. 'n Bron van *inkomste*.
9. *Kragtig* aangepak.
10. 'n *Winsgewende* belegging.

OEFENING 166.

Vul een van die volgende woorde in:—

Geheime	ervare
inwentarisasie	buitelandse
plaaslike	finale
begroting	onsuiwere
groter	geriefliker
slegte	

b.v. Die vrou het 'n *vyandige* houding aangeneem.

1. ..... konkurensie is te sterk vir ..... ondernemings.
2. Die ..... beslissing lê by die Raad van Koophandel.
3. Die Staat stel gewoonlik jaarliks 'n ..... op.
4. Die tarief vir ..... telegramme is hoër as vir gewone.
5. Die ykeafdeling moet sorg dra dat ..... skale nie gebruik word nie.
6. Die firma K. hou hulle ..... opruiming in Desember.
7. Die firma het na 'n ..... en ..... gebou verhuis.
8. 'n ..... koopman maak voorsiening vir ..... skulde.

OEFENING 167.

Skryf 'n opstel van ongeveer 35 reëls oor:
„Die voordele van Moderne Vervoermiddels."

No A Ct 385019

BARCLAYS BANK (DOMINION, COLONIAL AND OVERSEAS)
WAARMEE INGELYFD IS

26 Julie 1930.

Die Nasionale Bank van Suid-Afrika Bpk.

PRETORIA, TRANSVAAL.

Betaal C. H. Groenewald of Lo

die som van Ses pond drie sjielings 6d Stg.

£ 6 - 3 - 6.

C. J. du Plessis.

KANTOOR TE LONDEN CIRCUS PLACE, LONDON WALL, E.C.2

HOOFSTUK XI.

BETALING VAN REKENINGS.

(i) Die betaling van verskuldigde bedrae kan geskied deur middel van muntstukke, poswissels en posorders (posbewyse) wat per geregistreerde brief gestuur word.

(ii) Die vereffening van rekenings geskied gewoonlik deur middel van tjeks. 'n Bankier is volgens wet verplig om die tjek van 'n trekker tot die volle balans van sy rekening uit te betaal mits daar voldoende fondse is. 'n Tjek is net soos 'n banknoot: 'n order op die bankier om die bepaalde som uit te betaal. As die bedrag wat tot die krediet (op naam) van die trekker staan minder is as die bedrag wat op die tjek voorkom, dan word uitbetaling deur die Bank geweier. Die tjek word aan die ontvanger teruggestuur met 'n opmerking: "Onvoldoende Fondse" of "Verwys na Trekker (R/D: refer to drawer.")

Tjeks word gewoonlik as volg geklassifiseer:

i. Tjeks aan draer.
ii. Tjeks op order.
iii. Gekruiste tjeks.

'n Gekruiste tjek moet deur 'n bankrekening gaan. 'n Gekruiste tjek mag 'n onverhandelbare kredietinstument wees as die woorde "nie verhandelbaar nie" daarop geskrywe word. In al die ander gevalle is tjeks verhandelbaar.

(iii) As aan 'n handelaar byvoorbeeld krediet verleen is, dan kan hy sy skuld vereffen deur 'n bewys te onderteken wat deur die verkoper opgestel is. Die opstel daarvan is onderhewig aan seker wetlike voorskrifte om verhandelbaar te wees. Die vernaamste bepalings word hieronder uiteengesit:

i. Dit moet in skriftelike vorm wees, daar 'n mondelinge ooreenkoms nie verhandelbaar is nie.

ii. Dit moet behoorlik onderteken wees. Die handtekening of enige ander teken, wat vir die handtekening diens doen, beantwoord aan alle vereistes.
iii. Dit moet in verhandelbare vorm wees, d.i. dit moet betaalbaar gemaak word op order of aan draer.
iv. Dit moet alleen in geld betaalbaar wees. Die rede hiervoor is dat die bedrae seker en bepaald is.
v. Dit moet betaalbaar wees aan 'n genoemde persoon.
vi. Dit moet op 'n bepaalde moment betaalbaar wees.

Bewyse word verdeel in Buitelandse en Binnelandse Wissels. Buitelandse wissels word gekenmerk deur die feit, dat sowel die trekker as die akseptant in verskillende lande woon, terwyl Binnelandse wissels opgetrek en geaksepteer word deur persone, wat in dieselfde land woonagtig is.

OEFENING 168.

Vul die volgende woorde in die onderstaande sinne op hulle regte plek in:

nominale;	soliditeit;
reparasie;	begroting;
informasie-buro;	aantreklike;
teenstrydig;	kredietvereniging;
	herwissel.

i. Vryhandel en Proteksie beoog ..... resultate.
ii. Die ..... wat aan die skip gedoen is, word gedek deur 'n versekeringspolis.
iii. 'n ..... is 'n instelling, wat gepaard met koöperasie, 'n vereiste faktor is in die ontwikkeling van landbounywerhede.
iv. As 'n nuwe koper 'n bestelling plaas by 'n handelshuis, lewer hy gewoonlik voldoende bewyse van sy .....
v. Die ..... kapitaal van die ysterfabriek deur die Staat op K..... opgerig bestaan uit 3½ miljoen £1 aandele.
vi. 'n ..... verskaf teen betaling van 'n fooi inligtings, wat die finansiële toestand van 'n waarskynlike

koper aan die belanghebbende persoon konfidensieel bekend maak.

vii. Die Minister van Finansies trek elke jaar 'n ..... op wat in die Volksraad bespreek word.

viii. Die akseptant verklaar dat hy nie die wissel op die vervaldag kan honoreer nie, daarom versoek hy om 'n ..... te aksepteer.

ix. Iemand wat hom daarop toelê om maatskappye op te rig en aandele te verkoop dra gewoonlik sorg dat alle bate op 'n ..... wyse voorgestel word.

OEFENING 169.

KOETERWAALS—NIE AFRIKAANS NIE.

HOE DIE BOER AFGESKEEP WORD.

'n Brief van 'n firma in ———————— aan 'n Losbergse Boer.

Skryf die volgende oor in goeie Afrikaans:

„Met belang merk ons van ons Agent Mnr. ..... dat u besig is met skeer, en met geen twyfel wens u om u skeersel te stuur aan een vertrouende en deeglik Makelaar, in order om beste pryse te kry.

Met opregtheid vertrou ons dat wanneer u klaar is met skeer sal u ons firma in konsiderasie neem, en sou u ons in agting nee verseker ons u dat geen poging sal gespaar word om te probeer om elke breuk van markwaarde te kry.

Ons mag meld dat ons handel met grote getalle wol van die Vry Staat, en is altyd in een posisie om bevredige pryse te kry.

Met geen twyfel sal u bly wees om te hoor dat eerste klas pryse word gekry vir alle wol, en ons was kortliks gelukkig om beste gevolge te kry vir ons klante. Ons oordeel van privaat berig gekry van oorsee dat daar geen waarskynlikheid is van een vervalsing wat sal plaats vind in ons mark.

Ons vertrou dat u ons in konsiderasie sal neem om u wol skeersel aan ons te stuur, en dat ons van u sal hoor in die naatse toekomst.

Altyd met plesier hier tot u diens."

OEFENING 170.

Gebruik die volgende woorde in sinne sodat die betekenis duidelik uitkom:

1. vereffen
2. goue
3. vergulde
4. skuldbrief
5. bate
6. rojeer
7. soliditeit
8. saldo
9. dryfveer
10. nywerheid.

OEFENING 171.

Gee sinonieme vir die volgende woorde:—

ondersoeker
klousule
ongelowigheid
inkorporasie
inkoopprys
hoofburo
handelsooreenkoms
nywerheid
handelseffekte
posseël
funksie
seisoen
staathuishoudkunde
transito
stabiliteit
mededinging.

OEFENING 172.

Vul die regte werkwoord in:—

1. 'n Lening word *gesluit*.
2. 'n Inwentaris word .....
3. 'n Statuut word .....
4. Geld word .....
5. Stemme word .....
6. 'n Voorwaarde word .....
7. 'n Korting word .....
8. 'n Protes word .....
9. 'n Vonnis word .....
10. Smokkelgoed word .....

HOOFSTUK XII.

AWERY.

Awery: „As daar skade aan 'n skip of 'n lading kom tussen die begin en die end van die seereis; of as dit verpligtend is om buitengewone onkoste te maak in verband met die skip of lading."

Daar bestaan twee soorte awery: awerygros en eenvoudige, gewone of partikulêre awery. Awerygros dek nie alleen die skip nie maar ook die vragpryse en die lading, terwyl besondere awery alleen betrekking het op die lading afsonderlik.

Die berekening en verdeling van awerygros vind alleen plaas wanneer die seereis geëindig is. Op versoek van die kaptein word deskundiges aangestel deur die verseke-raars om 'n noukeurige ondersoek in te stel. 'n Rapport word dan deur hulle opgestel om aan te dui hoe groot die gelede skade is en wat die heersende markpryse van die handelsware is. Op daardie deel van die lading wat aan bederf onderhewig is word die verminderingswaarde op 'n persentbasis bereken.

OEFENING 173.

Verklaar die volgende en gebruik in sinne:—

1. deskundige ondersoek.
2. eksploitasiekoste.
3. A.1.
4. besondere awery.
5. deteriorasie.
6. kredietvereniging.
7. opgeloopte rente.
8. sirkulasiebank.
9. handelsmonopolie.
10. handelspremies.

DIE UITVOERHANDEL.

Dit is noodsaaklik om 'n helder opvatting van die tegniese operasies te hê, wat 'n rol speel in die uitvoer van grondstowwe en gefabriseerde artiekels na die buiteland, en om 'n goeie begrip te hê van die funksionele werking van die volgende faktore:—

i. Die skeepsagent; die ekspediteur
ii. Ladingsbriewe
iii. Vragpryse
iv. Doeanevoorskrifte
v. Assuransie (versekering) van besendings.

i. Die ekspediteur.
ii. Ladingsbriewe.

So gou as die goedere gelaai is trek die verskeper 'n stel ladingsbriewe op; een of meer vir die ontvanger, dit hang van die omstandighede af, en 'n paar ander waarvan eén aan die kaptein van die skip oorgehandig word. Die versender bereken vooraf gewoonlik die vragkoste wat betaalbaar is; die berekenings word dan nagegaan. Daarna word die ladingsbriewe geteken en aan die kaptein toebetrou, wat daarvoor 'n kwitansie uitreik. Een van hulle word deur hom bewaar vir referensie, een word aan die skeepsagent aan die hawe van aankoms gestuur, terwyl die oorspronklike aan die ontvanger van die lading gepos word. Dit moet sonder versuim plaasvind, want as die skip aankom voor die dokumente, dan word daar ekstra onkoste veroorsaak in die vorm van opslagkoste (bergloon) ens. want 'n lading word alleenlik afgelewer op vertoon van die vereiste afladingsbrief.

As daar enige aanmerkings is, wat nadruk lê op slegte verpakking van welke aard ook, dan word so'n lading met die naam „Vuil" bestempel, anders word dit as „Skoon" beskou.

Deur-ladingsbriewe doen diens vir die vervoer deur een of twee skepe in agtereenvolging, nieteenstaande die

feit dat die skepe aan verskillende maatskappye behoort. Die verantwoordelikheid van die maatskappy wat deelneem aan die vervoer is natuurlik beperk tot sy eie skip. Stoomvaartmaatskappye vervoer ook koopware teen betaling van deurvrag as die ware bestem is vir 'n hawe of 'n binnelandse stad wat nie in sy roete lê nie. Die kaptein verrig dan die diens van 'n ekspediteur, d.i. sulke deurvragsgoedere word na hulle bestemming verskeep of aangestuur deur hom.

iii. *Vragpryse*:

Die vragspryse word bereken volgens die brutogewig of volgens die kubieke inhoud van die goedere, watter een die grootste mag wees. Die brutogewig word bepaal as die ingenome of die gelewerde gewig.

Die vrag op 'n lading kan óf vooruitbetaalbaar wees óf kan deur die ontvangers gelos word teen betaling van die vervoerkoste. Die skeepsmakelaar handig dan 'n fiat van aflewering oor aan die ontvanger of plaas 'n seël, wat lossing aandui, op die vragbrief.

Vrag is betaalbaar op alle bedorwe goedere, maar nie op 'n vermeerdering van omvang of gewig, wat veroorsaak is deur die opsuig van water, nie.

Baie handelsroetes is vandag in die hande van kombinasies, wat alle dreigende konkurensie die kop inslaan, deur middel van die stelsel „ uitgestelde korting." Die verskepers van goedere word 'n korting toegelaat op alle goedere deur hulle verskeep, gedurende die loop van die jaar, en verder, moet hulle hulle onderwerp aan 'n ooreenkoms om nie van ander stoomvaartlyne gebruik te maak nie.

iv. *Doeanevoorskrifte*:

Die doeanevoorskrifte wat betrekking het op die uitvoerhandel is in die reël eenvoudig, daar belasting nie op hulle gehef word nie. In sommige lande betaal die regering 'n premie aan uitvoerders van sekere ware, om

hulle in staat te stel, om goedkoper te kan verkoop as buitelandse konkurente op hulle eie mark.

v. *Versekering van Besendings*:

Gedurende die verskeping van goedere word hulle voorlopig verseker deur die verantwoordelike persoon. Hy is nou gedek vir die versekerde bedrag tydens die opstel van die Polis. Dit is min of meer 'n vaste reël dat verskepers tien persent van die waarde wat op die pro-forma faktuur verskyn, byvoeg. Hulle dek dus nie alleen die kosprys van die goedere nie maar ook alle koste, wat in verband staan met die uitvoer, in geval van skipbreuk of brand.

OEFENING 174.

Beskryf volledig die tegniese beskouing van die uitvoerhandel, sonder om die voorafgaande woord vir woord oor te skrywe.

OEFENING 175.

Verklaar die volgende terme:

doeanevoorskrifte	deurladingsbriewe
gefabriseerde artiekels	koopvaardy
funksionele werking	skeepsmakelaar
'n kwitansie uitreik	handelsroetes
addisionele koste	uitgestelde korting
pakhuisgelde	pro-forma faktuur.

OEFENING 176.

Gee die teenoorgestelde van:—

1. blanko endossement
2. in ontvangs neem
3. vorms in blanko
4. agtereenvolgende
5. noodweer
6. 'n treffende geval
7. hy skiet te kort in sy werk
8. 'n grondige sakekennis
9. gespanne verhoudings
10. oorlogvoerende state.

OEFENING 177.

Vorm persoons- en saakname van die onderstaande naamwoorde:

Voorbeeld: korrespondeer—korrespondent—korrespondensie.

deponeer	diskonteer
delegeer	ruil
kwiteer	koöpereer
kwoteer	handel
skei	produseer

DIE INVOERHANDEL.

OEFENING 178.

Vul die volgende woorde in:—

kenmerk	heffing
onmisbaar	lêplek
kwarantyn	agent
invarende	verplig
ontvangs	invoerregte
ooreenstem	uitgespeel
gefabriseerde	aankoms
agent	werklike
doeaneklerk	bestemming
vryhandel	tydverlies
druk	industrieë
outoriteite	moeilikhede
verklaring	verlof
eienaar	toegelaat
blootgestel	regulasies
vertrek	doeanebeampte
beskerming	kaai
staat	oorhandig
instelling	dokument
grondstowwe	behandel

'n Skip, wat van 'n besmetlike hawe ..... het, of wat pes aan boord het, word in die hawe van ..... onder ..... geplaas. Dog as dit nie die geval is nie dan word 'n gesondheidspas aan die skip .....

'n Skip word gestuur aan die ..... van die eienaar of huurder, wat voor aankoms van die skip alle reëlings getref het met die ..... met betrekking tot 'n ..... Dit gebeur dikwels dat ..... ontstaan oor lêplekke aan die ..... as die hawe baie ..... is.

Na die skip by sy ..... aangekom het gaan die kaptein, vergesel van die klerk van die ....., na die doeanekantoor om daar 'n algemene ..... af te lê en ook om die koste (fooie) te betaal wat soms op ..... skepe gehef word. Daarna word ..... verleen om met die aflaai (lossing) te begin.

Die invoerder is ..... om 'n behoorlike ..... vergesel van die nodige doeaneverklarings, wat op 'n voorgeskrewe vorm ingevul moet word, aan die ..... te oorhandig. Na die oorhandiging van die ..... en die betaling van die vereiste koste neem die ..... of sy verteenwoordiger die besending in ..... Om skadelike ..... te vermy moet die verklarings ..... met die ....., wat van krag is in die hawe van aankoms. As die ..... reken dat die aangegewe waarde van die besending onder die ..... staan dan is so 'n besending ..... aan opont-houd waarvoor ekstra moet betaal word, of aan verbeurd-verklaring.

Die ....., wat vandag betaalbaar is in Suid-Afrika op alle handelsware, word in verskillende klasse verdeel. ....., wat 'n kenmerk is van die Engelse handels-politiek, het sy rol in Suid-Afrika ..... teen die begin van hierdie eeu. Proteksie of ..... is vandag die grondslag vir die ..... van invoerregte. Ekonome beweer dat nuwe lande afhanklik is van beskermende invoerregte om hulle ..... op 'n gesonde basis te plaas.

Die beginsel van 'n wederkerigheidstelsel en die ..... van die rabatstelsel het as gevolg dat ons vreemde lande op dieselfde voet ..... as hulle ons.

Die vernaamste ..... van die Suidafrikaanse doeanestelsel is dat op alle ..... en halfgefabriseerde handelsware 'n hoë belasting gehef word ..... en selfs gefabriseerde handelsware wat ..... is vir die opbou van 'n Industriële Suid-Afrika word vry .....

OEFENING 179.

Gebruik die volgende woorde in sinne sodat die betekenis duidelik uitkom:—

gesondheidspas	rabatstelsel
skeepsmakelaar	wederkerigheidstelsel
aangifte	markwaarde
proteksie	basis
beskerming	doeaneverklarings

OEFENING 180

Gebruik gepaste selfstandige naamwoorde met onderstaande werkwoorde in kort sinne:—

Byvoorbeeld: *'n Belasting* word gehef.

vermy	vel
verskil	veroorsaak
betaal	noteer
uitreik	bespoedig
gelewer	hersien
uiteensit	uitvaardig

OEFENING 181.

Verklaar die volgende:

1. geldkriesis
2. kapitaal
3. kapitaalrekening
4. pryshoudend
5. ongeplaaste aandele

6. Leenaandeel
7. transitohandel
8. effektehandel
9. entrépot
10. munt-pari

OEFENING 182.

Gee die teenoorgestelde van die kursiefgedrukte woorde of uitdrukkings:—

1. 'n *Aangifte*
2. 'n *Oponthoud*
3. *Invoerregte*
4. 'n *Rabatstelsel*
5. 'n *Verklaring*
6. 'n *Belasting*
7. 'n *Uitgestrekte* briefwisseling.
8. *Lokale* belange.
9. *Blanko*
10. *Bona Fide.*

OEFENING 183.

Vul gepaste byvoeglike naamwoorde in:—

..... informasie.	..... houding.
..... omgang.	..... spekulasies.
..... begrip.	..... gemoedskwelling.
..... verhaal.	..... besproeiing.
..... regeringsvorm.	..... voorstellings.
..... redaksie.	..... eienskappe.
..... verrassing.	..... likwidasie.

OEFENING 184.

Skryf 'n opstel oor „Proteksie of Vryhandel vir 'n jong land.

OEFENING 185.

Skryf 'n opstel oor „Die Wolindustrie."

HOOFSTUK XIII.

OEFENING 186.

Gebruik gepaste selfstandige naamwoorde met die onderstaande werkwoorde in goeie sinne sodat die betekenis van die woorde duidelik uitkom:

belê	diskonteer
aankoop	instel
tjarter	honoreer
verlê	verklaar
tref	beraam

OEFENING 187.

Vul die regte vorm van die werkwoord in:

Voorbeeld:— 'n Belasting word *gehef*.

'n Skip	'n kontrak word .....
'n faktuur	uitstaande skulde .....
'n prys	goedere word in 'n entrépot
'n beroep	.....
'n tjek	'n volmag .....
	die brief .....

OEFENING 188.

Vorm byvoeglike naamwoorde van o.s. selfstandige naamwoorde en gebruik in sinne:—

Voorbeeld: produk, produktiewe. 'n Produktiewe industrie regverdig sy bestaan.

voorraad	praktyk
krag	spekulasie
koöperasie	taal
industrie	ywer
tiepe	Noorweë
teorie	Spanje

OEFENING 189.

Vul die volgende woorde in:—

Mandaat muntpari notaris orienteer
parafeer radeer seewaardigheid
traktement uitstalling verbatim

1. Die soldaat het vanmôre sy ..... ontvang.
2. Die ..... tussen Engeland en V.S.A. is $4.866 op £1.
3. Dis net nodig om daardie memorandum te .....
4. Die ..... op Wembley was baie aantreklik.
5. Die rapporteur moes 'n ..... rapport uitbring.
6. Die Unie van Suid-Afrika het die ..... oor Suid-Wes-Afrika.
7. Die ..... van daardie skip is nog goed.
8. Die ..... het die dokument gister al klaargehad.
9. Dis goed om sig ook in die besigheid, so af en toe te .....
10. Jy mag niks in 'n koopman se boeke ..... nie.

OEFENING 190.

Maak flinke sinne met die volgende:—

1. Aksyns.
2. beredderaar.
3. bona fide.
4. delkredere.
5. emballasie.
6. endossant.
7. force majeure.
8. insolvent.
9. kompromis.
10. klandiesiewaarde.

OEFENING 191.

Maak sinne met:—

1. koopakte.
2. kwiteer.
3. likwidasie.
4. mandataris.

5. monopolie.
6. omset.
7. premie.
8. pasmunt.
9. pryshoudend.
10. rabat.

OEFENING 192.

Vul die regte werkwoorde in:—

1. 'n Poging word .....
2. 'n Moord word .....
3. Oorlog word .....
4. Vrede word .....
5. 'n Plan word .....
6. 'n Bevel word .....
7. 'n Bestelling word .....
8. 'n Polis word .....
9. 'n Wissel word .....
10. 'n Lys word .....

OEFENING 193.

Vul die volgende woorde in:—

[1] aanteken,[2] bankbiljet,[3] data,[4] effekte,[5] faljiet,[6] geroetineerd,[7] honorarium,[8] inwentaris,[9] konsessionaris,[10] leweransier.

1. Die direkteur het 'n ....7.... van £50 ontvang.
2. Ek wil al die ..3... hê voor ek 'n oordeel kan vel.
3. Die heer A. is die ...10... van eersteklas ware.
4. Jy moet seker die brief laat .1.....
5. Daardie klerk is heeltemal .6..... in sy werk.
6. Die makelaar het die .....4..... verkoop.
7. Ek het hom 'n ...2.... van £5 gegee.
8. Stel 'n ....8..... op van al jou bate en laste.
9. Die man het verlede jaar al ...5.... geraak.
10. Die ....9.... is baie in sy skik met die vergunning wat hy ontvang het.

OEFENING 194.

Gebruik die volgende woorde in sinne om die verskil in betekenis aan te dui:—

verdraagbaar	verdraagsaam.
hoogte	hoogheid
openlik	openbaar.
duisternis	duisterheid.
deurskynend	deursigtig.
byvoegsel	bylae.
heiligheid	heiligdom.
twyfelagtig	twyfelmoedig.

OEFENING 195.

alliterasie:

dou voor dag.	taal nog tyding.
kant en klaar.	wind en weer.
bont en blou.	top tot toon.
dubbel en dwars.	buie of breek.
blik of bloos.	vergewe en vergeet.
dik en dun.	wik en weeg.
kind nog kraai.	vuur en vlam.
man en muis.	min of meer.
skade en skande.	rep en roer.

OEFENING 196.

Vul die regte Selfstandige Naamwoorde in:—

1. 'n ..... word ingestel.
2. 'n ..... word opgerig.
3. ..... word verklaar.
4. ..... word gesluit.
5. 'n ..... word gewaag.
6. ..... word behartig.
7. ..... word gehandhaaf.
8. 'n ..... word op die been gebring.
9. ..... word gestil.
10. ..... word geles.

OEFENING 197.

1. 'n ..... word ontmasker.
2. 'n ..... word gebrandmerk.
3. 'n ..... word gebaan.
4. 'n ..... word gebou.
5. 'n ..... word aangelê.
6. 'n ..... word onthul.
7. 'n ..... word geaksepteer.
8. 'n ..... word gehonoreer.
9. 'n ..... word geparafeer.
10. 'n ..... word getref.

OEFENING 198.

Verklaar

(i) wisselpersoneel.
(ii) assuradeur.
(iii) transito-handel.
(iv) 'n gespesifiseerde rekening.
(v) regsgeldig.
(vi) paraaf.
(vii) begiftigingspolis.
(viii) afkoopwaarde.
(ix) wisselkoers.
(x) funksionaris.

OEFENING 199.

Gebruik die volgende in sinne sodat die betekenis uitkom.

1. 'n substansiële vermeerdering.
2. 'n eenparige rapport.
3. internasionale sfeer.
4. deeglike fasiliteite.
5. bekoorlike ontwerp.
6. snelheid van verandering in personeel.
7. betroubare skatting.
8. 'n redelike geleentheid.
9. huidige skikking.
10. wesentlike verrigtings.
11. 'n gesonde gedragslyn.

12. standaard van doeltreffendheid.
13. kombinasie van omstandighede.
14. essensiële faktore.
15. versamelde inligtings.
16. bevredigende toestand.
17. gevergde fooie.
18. die bloeitydperk.
19. normale vereistes.
20. die kardinale punt.
21. 'n tasbare bewys.
22. 'n onderlinge begeerte.
23. ekonomiese rekonstruksie.
24. 'n staathuishoudkundige vraagstuk.
25. spesifieke eise.
26. 'n waardevolle uittreksel.
27. beskikbare informasie.
28. 'n openbare liggaam.
29. 'n beginsel neerlê.
30. doeltreffendheid te bevorder.
31. ingevoer vir fabrikaat doeleindes.
32. die daling was toe te skrywe aan.
33. openbare mening.
34. in regstreekse voeling met.
35. kapitale fondse.
36. onmiskenbare tekens van verbetering.
37. namate die kopings gevorder het.
38. in simpatie met die buitelandse marke.
39. teen baie ferm pryse.
40. 'n baie bevredigende uitbreiding.
41. hangende rustiger toestande.
42. teenswoordige stelsel.
43. vooruitsigte word beïnvloed.
44. bokant die raming.
45. gebunkerde steenkole.
46. prysnoterings is nominaal.
47. amptelik beraam.
48. berigte van uitstekende ontwikkeling.
49. resente swaar inkopings van goedere.
50. die handel toon tekens van herstel.

51. dreigende aspek.
52. die bemarking is in aanvang.
53. vraag is rekbaar.
54. pryse word goed gehandhaaf.
55. om inkomste en uitgawe te laat klop.
56. skynbare vermindering.
57. onder die peil van verlede jaar.
58. handelsbalans.
59. resente prysnoterings.
60. ooreenstemmende tydperk.
61. na 'n tydelike swakheid.
62. bestendige vordering.
63. die toon van die geldmark bly ferm.
64. lae peil van geldkoerse.
65. terme van aanbod.
68. besigheid bly stil.
69. maandelikse oorsig.
70. handel is sleg.
71. gehalte staan hoog.
73. na die buiteland uitgevoer.
72. gemiddelde daelikse opbrings.
74. goedkoper geld.
75. bepaald minder bedrywigheid.
76. 'n tekort aan tonnemaat.
77. 'n geregistreerde handelsmerk.
78. benaderde waarde.
79. vooruitsigte word beïnvloed.
80. stille toestande.
81. verkopings vind plaas.
82. uitvoerhandel is goed gehandhaaf.

OEFENING 201.

Skryf 'n kort paragraaf waarin die volgende woorde gebruik word:—

1. Vraagstukke, onderwerp, bespreking, konferensie, gevra, aanname, aanbevelings, onderwerpe, oorweeg.
2. ontwikkeling, motervak, Suid-Afrika, jare, getoon, feit, registrasie, gestyg, belangrikheid, gebied, indiensneming, arbeid, vermeerder.

3. verbetering, besigheid, sentra, algemene gevoel, gemerk, loop, maande.

4. uitvoer, eerste helfte, jaar, hoogste, boek, sedert, vet, oorlog, pryse, sukkel, peil.

5. stilte, naturellehandel, voort, grotendeels, wyte, vroeë, hutbelastings, moontlik, gevolg, verbetering, handel, jaar.

6. pryse, simpatie, marke, Europa, insameling, oes, boere, afhanklik, voedingsmiddele, ingevoerde mielies.

7. namate, verkopings, gehaltes wol, mark, konkurensie, sterker, verkopings, toon, gesluit.

8. opgeruimdheid, maand, bespeur, verwydering, vrees, belasting, verwesenliking, hoop, goedkoper, geld, neiging, afwagtende, neem.

9. voorrade, klein, plaaslike, pryse, ferm, peil, waarskynlik, ietsie, as, buiteland.

10. handelaars, te groot, voorrade, goedere, naturelle, resente, inkopings, goedere, vertraag.

11. nadering, vakansiedae, finansiële, afgeneem, veral, uitgiftes, sekuriteite, maar, gunstige reagering, marke, maand, tekene, druk, aanbiedings, getoon het.

12. verblydend, bemoedigend, sien, lewe, vertoon, ekonomiese, gebied, lewendige, belangstelling, vraagstukke, openbaar, vergaderinge, konferensies, nuttig, gedagtewisseling, uitwerking.

HOOFSTUK XIV.

OPSTELLE.

Om 'n eersteklas opstel te skrywe is 'n kuns, wat net die gebore kunstenaar tot 'n volslae sukses kan bring. Deur oefening kan elke ontwikkelde persoon egter baie verbetering in sy taal en styl teweegbring.

'n Opstel word gewoonlik beoordeel na sy

(i) Inhoud.
(ii) Bou en samestelling.
(iii) Taal, styl en spelling.

(i) Die inhoud is die vernaamste en daarom moet die skrywer die onderwerp goed verstaan; wat hy neerskrywe moet die moeite werd wees. Hy moet sy gedagte analiseer en wat bymekaar hoort moet bymekaar kom. Hy moet ook die onderwerp met ander vergelyk en so tot sy eie gevolgtrekkings geraak.

(ii) Behalwe die nodige kennis van die onderwerp is dit nodig om dit in die vereiste vorm neer te skrywe. Elke opstel moet 'n inleiding hê en behoorlik in paragrawe verdeel word. Elke paragraaf moet bestaan uit gedagtes oor 'n bepaalde aspek van die onderwerp en 'n logiese volgorde moet gehandhaaf word, sodat die opstel 'n afgeronde geheel vorm. Verder moet 'n mens sorg dat die een paragraaf logies uit die voorafgaande volg en 'n aanknopingspunt vir die volgende het. Net soos elke goeie opstel 'n inleiding moet hê, so moet daar ook 'n gepaste slot wees met die gevolgtrekking van die skrywer.

(iii) Ten slotte moet die gedagtes in goeie taal uitgedruk word. Die skrywer moet sorg vir 'n juiste woordkeus en daar moet afwisseling wees in die lengte van die sinne. Kort, betekenisvolle sinne is beter as 'n ingewikkelde sinsbou. Alle herhalings moet vermy word sowel as oortollige en hoogdrawende woorde en afgesaagde uitdrukkings. Korrekte spelling en punktuasie vereis ook die nodige aandag.

Hier volg nou 'n paar wenke, wat die student sal help om 'n goeie opstel te skrywe:—

I. Dink eers goed na oor die onderwerp om stof genoeg te kry.

II. Stel dan 'n skema van die hoofpunte op en sorg dat die stof volgens die orde van belangrikheid gerangskik word.

III. Sorg dat daar 'n behoorlike inleiding vir die opstel is en 'n gepaste (doeltreffende) slot.

Met ander woorde rangskik die feite in hulle natuurlike volgorde as volg:—

1. 'n Inleiding oor die onderwerp in die algemeen.
2. Die bespreking en verklaring van die onderwerp onder verskillende hoofpunte.
3. Die gevolgtrekkings van die skrywer.

IV. Neem die taal en styl terdeë in ag.

Probeer om elke gedagte in goeie taal uit te druk. Gebruik elke woord op sy regte plek. Moenie omslagtig en dubbelsinnig wees nie. Vermy oortolligheid, hoogdrawendheid en herhaling.

V. Sorg dat die leestekens almal op hulle regte plek staan.

VI. Lees die opstel weer oor en bring die nodige verbeterings aan voor die opstel oorgeskrywe word vir inhandiging.

OEFENING 202.

Brei die volgende gedagtes uit in die vorm van 'n opstel:—

„Van tyd tot tyd verskyn daar in koerante en tydskrifte artiekels oor die misbruik van die kredietstelsel in Suid-Afrika. Daar word te veel en te maklik krediet verleen, sê een. Die ander sê, dat daar baie mense is wat op krediet koop sonder enige voornemens om te betaal. Handelaars kla en sê, dat hulle verplig is om krediet toe te staan anders verloor hulle die besigheid."

OEFENING 203.

Skryf die volgende oor in eenvoudiger taal:—

i. Dit was nie voor die industriële ommekeer in Groot Brittanje nie dat meganisasie van nywerhede gelei het tot 'n aanmerklike ontwikkeling van minerale rykdomme.

ii. Die aanwas van die industriële ommekeer gaan hand aan hand saam met die aanwending van geskikte minerale.

iii. Suid-Afrika se kosbaarste versameling van amptelike stukke uit die sewentiende eeu is op die nerf na vernietig as gevolg van die skandalige behuising van ons argief in die kelders van die Parlementsgebou.

iv. Inderdaad is dit moeilik om te besef waarom Suid-Afrika die kosbaarste van al sy geskiedkundige gegewens op die onwaardigste van alle maniere moet huisves.

OEFENING 204.

Skryf 'n opstel van nie minder as 30 reëls nie oor elkeen van die volgende onderwerpe:—

1. *Handelsopleiding*:
   a. Nuwe wending.
   b. Spesifieke kennis.
   c. Bekwaamheid.
   d. Konkurensie.
   e. Gesonde besigheid.
2. *Suidafrikaanse Wolindustrie*:
   a. 'n Uitgebreide skaapwêreld.
   b. Merienoskaap.
   c. Vermeerderde wolproduksie.
   d. Grootafsetgebied.
   e. Wol vs. katoen.
3. *Moderne Vervoermiddels*:
   a. 'n Vergelyking.
   b. Meganiese verbetering.
   c. Lugskepe en motervervoer.
   d. Besparing.
   e. Moontlike aanpassing.
   f. Invloed.

4. *'n Kriesis*:

a. Ekonomiese toestande.
b. Verslapping.
c. Kriesis.
d. Herlewing.
e. Normale toestand.

Hier volg 'n lys van handels-, literêre en algemene onderwerpe vir opstelle:—

1. Ons wolnywerheid.
2. Ons suikernywerheid.
3. Ons katoennywerheid.
4. Ons mynindustrie.
5. 'n Skoenfabriek.
6. Ons Yster- en Staalindustrie.
7. Opkoms van die fabriekswese in Suid-Afrika.
8. Ons in- (of uit-) voerhandel.
9. Ons Industrieë.
10. Handel.
11. Die Drankhandel.
12. Die Moterindustrie.
13. Moderne vervoermiddels.
14. Ons vrugtehandel.
15. Spaarsaamheid.
16. Die telefoon.
17. Die telegraaf.
18. Die waarde van draadlose telefonie in die handel.
19. Marke en hul organisasie.
20. Die funksies van die kleinhandelaar.
21. Koöperasie.
22. Handelsbanke.
23. Vry biblioteke.
24. 'n Besoek aan 'n fabriek.
25. Ideale.
26. Die keuse van 'n beroep.
27. Tentoonstellings.
28. Vryhandel of Proteksie.
29. Die waarde van advertensies.

30. Die betekenis van die groothandelaar.
31. Droogte en sprinkane.
32. Die winkelier in ons samelewing.
33. Die waarde van 'n handelsopleiding.
34. Banke.
35. 'n Staking.
36. Mededinging in die handel.
37. Die Stasie.
38. Die Poskantoor.
39. Die ekonomiese waarde van 'n vliegdiens.
40. Die lugposdiens.
41. Bioskope.
42. Die smous.
43. Publisiteit.
44. Hospitale.
45. Kostelose onderwys.
46. „Gee ons goeie paaie."
47. Voorkeurtariewe.
48. Brûe.
49. Spoorweë.
50. Ons hawes.
51. Graansuiers.
52. Openbare Delwerye.
53. Die ideale kantoor.
54. Die nut van tentoonstellings.
55. 'n Vakansie op die plaas.
56. Tweetaligheid in Suid-Afrika.
57. Spaarbanke.
58. Bespoeiing in Suid-Afrika.
59. Uitverkopings.
60. Die armblanke-vraagstuk.
61. Die Naturelle-vraagstuk.
62. Die Indiër-vraagstuk.
63. Die bestryding van droogte in Suid-Afrika.
64. Ons dorp of stad.
65. Ons Parlement.
66. „Geld wat stom is, maak reg wat krom is."
67. „Ondervinding is die beste leermeester."

68. „Die beste stuurlui staan aan wal."
69. Die nut van boeke.
70. Die waarde van reise.
71. Handelseksamens.
72. Tyd is geld.
73. Die moeilikhede van die boer.
74. Die bywoner.
75. My toekomstige loopbaan.
76. Organisasie.
77. Versekering.
78. Koöperatiewe Verenigings.
79. Arbitrasie.
80. Die mag van die Pers.
81. Trusts.
82. Die invloed van ons daelikse omgewing.
83. Karakter.
84. Vandiesies.
85. Die neiging tot spesialisasie in die ekonomiese stelsel.
86. Ondernemingsgees.
87. Vakunies.
88. Die armoede-vraagstuk.
89. Metode.
90. 'n Behuisingskema.
91. Die politieke en sosiale aspekte van die 19de eeu.
92. Diens.
93. Die Industriële Rewolusie en sy gevolge.
94. Op die Beurs.
95. Die skep van 'n mark.
96. Die vernaamste faktore van die moderne beskawing.
97. Krediet.
98. Sosialisme.
99. Handelskonferensies.
100. Verkoopsorganisasie.
101. Ons Landbounywerheid.
102. Taalstudie.

103. Die Koninklike Munt.
104. Die organisasie van 'n kantoor.
105. Die middelman.
106. Die indiensneming van vroue.
107. Die waarde van 'n Kamer van Koophandel.
108. Vergelykende eksamens as 'n toets van doeltreffendheid.
109. Die vooruitsigte van 'n diamantslypery in Suid-Afrika.
110. Die waarde van Handelskommissarisse vir Suid-Afrika.
111. Arbeidsprobleme.
112. Die funksies van geld.
113. Boumaatskappye.
114. Vraag en aanbod.
115. Die verdeling van arbeid.
116. Internasionale Handel.
117. Monopolie.
118. Die beginsels van 'n gesonde belastingstelsel.
119. Motertransport *versus* Treinvervoer.
120. Staatsloterye.

HOOFSTUK XV.

OEFENING 205.

Spelling:—

getjarter
parlementêre
sienswyse
arbeidsdepartement
beroepseksamen
beroepsopleiding
indiwiduële
verantwoordelikheid
staatsinrigtings
besigheidsinisiatief
nywerheidsielkunde
vakleerlingskapkontrak
ontwikkeling
vrystellingsertifikaat
staatsarbeidsburo's
klassifikasie
spesifikasie
professionele
stoomvaartlyne
perseel
sentralisasie
werkloosheid
onvoorwaardelike
respektieflik
standaardisering
landboubedryf
statistieke
essensieel
konsiliasie
gesaghebbende
essensiële
rangskikking
vervaardigingswerk
onreëlmatige
arbeidskonferensie
bedrywighede
gesubsidieerde
uniale
afskaffing
handelsvoorvalle
prowinsiale
verskeidenheid
repatriasie
seevragbrief
endossement
uitdrukkingsvermoë
grondbesproeiing
gebruiksaanwysing
vervoertoelae
handelsbelangrikheid
leningsverenigings
bedryfsorganisasie
ontginningskoste
reinigingsmiddel
aantyging
direkteure
koöperatiewe
handelskommissaris
wolafskeidingsproses
rehabiliteer
leweransier
argumentshalwe
vroegsmoontlike
landboukrediet

nywerheidswetgewing
bedryfsorganisasie
maatskappy
ooreenstemming
handelskriesis
ondernemingsgees
nywerheidstoestande
navorsingswerk
ekonomie
sosialistiese
omwentelinge
internasionale
handelsvoorvalle
nywerheidsondernemings
vredestoestande
wederkerigheidstelsel
bevoordeling
analogie
werktuigkundige
ekspediesie
kolossale
enorme
kommersiële
oorgangsperiode
oudheidkunde
staathuishoudkunde
handelsreisigers
onontbeerlik
geskiedkundige
natuurverskynsel
selfbeskikkingsreg
valorisasie
pasjent
handelsaardrykskunde
lewensversekeringsmaatskappy
reaksie
amortisasierekening
opleidingsinrigting
funksionaris
galwaniseer
diverse
hipoteties
katalogiseer
sentraliseer
uniwerseel
fakulteit
abnormaliteit
wynvervalsing
diskontofasiliteite
faksimile
woordherhaling
terminasie
aanvullingseksamen
Unie-Departement
uitoorlê
wisselvalligheid
depresiasie
selfverloëning
vandiesie
fabrikasie
variëteit
slotkoers
rubriek
Skandinawies
wedervergelding
rooskleurig
geouditeerde
senuaandoening
validiteit
staatsomwenteling

AFKORTINGS EN TEKENS BY DIE GEBRUIK VAN DRUKPROEWE.

hap = hoofletters.

hl hap = klein hoofletters.

o. k = onderste kas. Onder die ou stelsel het hulle altyd die kleinletters in die onderste kas gehou; dus beteken dit kleinletter.

of hl

stet = laat onveranderd bly.

..... = wat stippeltjies onder het moet onveranderd bly al is dit deurgehaal.

vet = beteken druk die letter(s) dik en swart.

tr. = transponeer: ruil om.

rom = Romeinse letters d.w.s. gewone letters.

kurs = kursief d.w.s. skuinsgedrukte letters.

NP = N.P. (nuwe paragraaf).

— = woorde onderstreep kursief te druk.

= woorde met twee lyne onderstreep in klein hoofletters te druk.

≡ = woorde met drie lyne onderstreep in hoofletters te druk.

~~~ = set in smoutletter (display type).

⌣ = transponeer (ruil om).

/-/ = voeg 'n koppelteken in.

!/ = voeg uitroepteken in.

ↄ = draai om.

= voeg 'n spasie in.
~~~

=druk aanmekaar.

=skuif links.

 =skuif regs.

=skuif op.

 =skuif ondertoe.

( ) =voeg hakies in (parentese).

 =slegte lood.

 =vraag.

 =lees aan: d.w.s. moenie nuwe paragraaf begin nie.

 =laat weg: haal uit.

 =haal uit en sluit aan.

 =voeg afkappingsteken in.

=caret-teken: voeg hier in woord, letter of teken soos in kantlyn aangegee.

eg # =egalige spasie.

// =maak reëls vertikaal d.w.s. reg ondermekaar.

= =maak reëls horisontaal d.w.s. reguit.

⊙ =voeg punt in.

⊙ =voeg dubbelpunt in.

=voeg 'n komma in.

 =voeg 'n komma-punt in.

 =onderste aanhalingstekens.

=boonste aanhalingstekens.

KORREKSIE VAN DRUKPROEWE.

LOOPBANE VIR JONGMENSE

n Gids vir die ambagte en professies.

Nadruk sal gelê word op die aardie sy van die ~~saak~~ wat betrekking het op die voortsetting van onderwys met die doel om by die jeug van die land die besefs waardering in te boesem. Dat die afsluiting van die gereelde skoolloop nie beskou moet word as die onderwyseindpaal nie, maar dat sukses alleen behaal word deur voortsetting van en volharding in onderwys en studie. Onderwyl dit besef word dat ekonomiese druk telkens an jeugdige verplig om of een ander soort werk so vroeg moontlik te soek, het ondervinding geleer dat seuns en meisies baiemaal verlok word deur werk wat aantreklike lone aanbied, maar gn vooruitsigte voorhou nie pleks van die soort werk, wat kleiner on middellike geldelike voordele aanbied, maar waar daar genoeg kanse is vir 'n jongmens met

~~dennsettingsvermoë, om sukses te behaal.~~

Die vraag na inligting die oor aangedui-
de sake is so dringend, dat die besluit geneem is om van tyd tot tyd in die Maatskaplike en Nywerheidsblad sodra hulle beskikbaar gestel word, besonderhede te publiseer betreffende elke tak van beroep wat behandel kan word.

Sodra die hele ondersoekingsgebied omvat is, sal die beroepe toepaslik gegroepeer word, as 'n brosjure uitgegee word.

Verklaring van korreksies op bls. 139.

Reël.

1. Druk vet.
2. Druk hele reël in klein hoofletters.
3. Verander hoofletter in klein letter.
4. Druk ,,saak'' in romeinse letters en ruil die ,,t'' en ,,e'' om.
5. Druk ,,onderwys'' kursief en verander ,,e'' in ,,o''.
6. Gee 'n spasie tussen ,,die'' en ,,land'' en druk ,,besefswaardering'' aanmekaar.
7. Set komma in na ,,boesem'' en verander hoofletter D in 'n klein letter.
8. Druk ,,lewe'' i.p.v. leee.
9. Haal een ,,o'' uit.
10. Set ,,kan'' tussen woorde ,,behaal'' en ,,word'' en voeg koppelteken in na ,,voorset.''
11. Geen foute.
12. Set 'n punt na ,,studie'' en begin 'n nuwe paragraaf met ,,Onderwyl.''
13. Haal 2 en : uit en voeg afkappingsteken in voor ,,n.''
14. Ruil woorde ,,of'' en ,,ander'' om en draai die ,,g'' om.
15. Verander die slegte letter ,,e'' en vul ,,die'' in.
16. Ruil die ,,r'' en ,,o'' om.
17. Set 'n spasie tussen ,,werk'' en ,,wat'' en verander ,,e'' in ,,i''.
18. Vul 'n afkappingsteken in tussen ,,g'' en ,,n'' en set 'n komma na ,,nie.''

19. Haal spasie tussen ,,on" en ,,middel"- uit en druk aanmekaar.

20. Verander ,,e" in ,,o".

21. Geen foute.

22. Draai die hele reël om.

24. Laat die deurgehaalde letter onveranderd bly.

25. Vul onderste aanhalingstekens in.

26. Vul boonste aanhalingstekens in.

27. Geen foute.

28. Spasieer beter.

29 en 30. Moenie nuwe paragraaf begin nie maar lees aan.

31. Geen foute.

32. Ruil ,,n" en ,,e" om en laat laaste ,,e" in ,,uitgegee" weg.

KORREKSIE VAN DRUKPROEWE.

LOOPBANE VIR JONGMENSE.

'N GIDS VIR DIE AMBAGTE EN PROFESSIES.

Nadruk sal gelê word op daardie sy van die saak wat betrekking het op die voortsetting van *onderwys* met die doel om by die jeug van die land die besefswaardering in te boesem, dat die afsluiting van die gereelde skoollewe nie beskou moet word as die onderwyseindpaal nie, maar dat sukses alleen kan behaal word deur voortsetting van en volharding in onderwys en studie.

Onderwyl dit besef word dat ekonomiese druk telkens 'n jeugdige verplig om een of ander soort werk so vroeg moontlik te soek, het die ondervinding geleer, dat seuns en meisies baiemaal verlok word deur werk wat aantreklike lone aanbied, maar g'n vooruitsigte voorhou nie, pleks van die soort werk, wat kleiner onmiddellike geldelike voordele aanbied, maar waar daar genoeg kanse is vir 'n jongmens met deursettingsvermoë, om sukses te behaal.

Die vraag na inligting oor die aangeduide sake is so dringend, dat die besluit geneem is om van tyd tot tyd in die „Maatskaplike en Nywerheidsblad," sodra hulle beskikbaar gestel word, besonderhede te publiseer, betreffende elke tak van beroep wat behandel kan word. Sodra die hele ondersoekingsgebied omvat is, sal die beroepe toepaslik gegroepeer word, en as 'n brosjure uitgegee word.

PROEF-KORREKSIES.

OEFENING 1.

Solank daarnie te Veel papierg eld in omloop kom nie, the die geb ruik van hierdie soort ruilmiddel geen nadele nie, wat ook nie tegelyk kleef aan ander Sort geld nie. Mar de groott gavaar is dat die hoeVeelhe it so maklik kan vermierder wort bo die behoeftes van die maatskappij. Soas al reeds aangetoon is, doet seld ver 'n maatskappy 'n deker werd. As daar an 'n taak meer aarbijders werk als nodig is, kry elkeem minder loon; en as dieselde werk door te veel geld gedoet word, es el ke st uk minder werd.

OEFENING 2.

Terwijl hier oro milies geprat word moet ook verwys wrod na dei fasiliteite, wat duer dei Graansuiers teensworodig vir osn mieleiboere aangebeit word. Dis in blang van eleke mileiboer om hiemrtrent volle besonderhede van sy naste stasiemeester te verkry, veral moet gelet wrod op dei fasiliteite, wat aangebiet word om milies van stasies, waar nie graansuiers is nie, te sutur na graansuierstaseis. die traief vir die vorcoer van sodaanige mieliies, wat bedoel is om eers gestoor te word en later uitgevoeer te wrod, is van dei aard dat dtt beore, wta van graansuierstasies verwyderd is, feitelik dieselfde voordeele verskaf asof hulle by 'n graansiuerstasie was.

OEFENING 3.

Dti si onodig om nou nog verder nadruk te lê op die goiee hoedanighede van so 'n boerevereeniging, een van dei grotste moeilikhede in ons ladn si die swak metoode van bemarkking wat ons het. Indien die boere goed georganiseer is, kan dar meer gedoen word om die regte verpaking vri ons produkte te kry en dti is jeis eits wat op die buitellandse marke baie tense osn produkte tel Dan sal mens nie aleen teen fouttiewe verpakking wrek nie, mar ok teen onerlike verpakking.

OEFENING 4.

Die vooreitsigte vir die mielioes is nie bemoedigend in baje distrike nie, mar die mooi Reëns in maart en die afwesigheit van vroë rijp het die posisie baje virbeter, met die gevolg dat 'n betere oes sal behaal word as wat voorheen verwag was. sprinkhane het weer hullie verskijning gemaka in sommiege van die noordweslikke distrike van die Kaapprovinsie, die weslikke distrike van die Vrystaat en Transvaal, en ook te Fort Rixon in Suid-Rhodesië. As die inavl nie gekere word nie sa sal baje skaade verrig word aan die koornlande, veral in die Vrystaat.

OEFENING 5.

In hieride gevalle bring osn tog wel gled in dei Statskaas, mar ons betal aleen wanneer ons gebruik amk van die dienste en ons betaal dna ook tot dei maate wta osn van die deinste gebruik gemak het. As ons liwers mte osn eje motor wil rei dan met dei tryn, of as ons liwers ons brief an 'n vriend wil toevertrou om an on sekere addres afgeegee te wrod dan om dti duer die pso et stur, dan heof ons kisn an dei regeering te betal nie. In hirdie gevale betal ons aleen vri deinste wta ons gebruik en warvor ons gewilig is om te betal.